
# DORPER

Nuus **2022** News



INTEGRITY

SERVICE EXCELLENCE | ENTREPRENEURSHIP | EARNINGS | EMPLOYEES | ENVIRONMENT

www.bkb.co.za

BKB

The Trusted Home of Agriculture

# ATKA
STOET / STUD
Williston

## Atka se doel is om balans te vind tussen fenotipe en prestasie

## Balans tussen rasstandaard en prestasie rekords







BAIE DANKIE AAN AL ONS DORPER ONDERSTEUNERS!

CORRIE 082 338 5906 · IZAK BROW 073 021 9367 · KANTOOR 011 791 0051
Atka@drcavenant.co.za

# INHOUDcontent


| | |
|---|---|
| Voorwoord/Foreword President | 2 |
| Raad/Board | 4 |
| 71ste Jaarverslag vir die periode 1 April 2020 – 31 Maart 2021 | 5 |
| Presidents Verslag, Algemene jaarvergadering 2021 | 9 |
| Geskiedenis | 11 |
| Breed History | 15 |
| Outstanding characteristics of the Dorper | 20 |
| Moenie jou skild weggooi nie | 24 |
| Biosekuriteit in die veebedryf | 25 |
| Kuddegesondheid | 28 |
| Vrotpootjie | 29 |
| Inentingsprogram vir skape | 36 |
| Beheer Lintwurms vir beter lammergroei | 38 |
| Fokus op die versorging van lammers | 40 |
| Bemark lammers vinniger | 41 |
| General managing practices | 44 |
| How to prevent and treat flystrike in sheep | 46 |
| Ooibestuur tydens dragtigheid | 48 |
| Kondisietelling by skape | 50 |
| Die belangrikheid van doelgerigte rasverbetering | 53 |
| So maak jongboer van Sutherland planne om die droogte met Dorpers te oorleef | 56 |
| Dorper involvement over 66 years | 60 |
| Winsgewende Dorper boerdery | 68 |
| Beoordelaars en Inspekteurs/Judges & Inspectors | 74 |
| Boere van die toekoms | 76 |
| Nasionale Veilings/National Sales | 79 |
| Staanplekke 2022-2023 | 81 |
| Privaat veilings | 82 |
| Klub veilings | 84 |
| Dorper kursusse 2022 | 86 |
| Wêreld skou 2022 | 88 |
| Dink bietjie hieroor na | 109 |
| Nampo 2022 | 111 |
| Dorper Klubs | 112 |
| Botswana Junior Dorper Kursus | 128 |


## ADVERTENSIESadvertisements


| | |
|---|---|
| Albian Stud | 80 |
| Ashley Phillips | 22-23 |
| Atka | IFC |
| BKB | 99 |
| Bloem Skou | 19 |
| Compion | 42-43 |
| Cronje Dorpers | 95 |
| GWK | 14 |
| Hardus Korb | 7 |
| Horizon Dorper & Witdorper | 35 |
| Jowilize Dorpers | 51 |
| Karsten Witdorpers | 63 |
| Kasteel | 17 |
| King Price | 10 |
| Klipkoppies | 55 |
| Kobus Lötter | 87 |
| Larry Snyders | 77 |
| Leroy Phillips | 58-59 |
| Loskop Noord Boerderye | 67 |
| Lucasdam | 39 |
| Lubern Voere | 72 |
| Mickey Phillips & Son | 30-31 |
| Nel Dorpers | 13 |
| Nooitgedacht | OBC |
| Ramsem | 64 |
| Standard Bank | 100 |
| Tiegerpoort | 91 |
| Tony Cahi | IBC |
| Top B | 63 |
| Tromp Cilliers & seuns | 71 |
| West Front | 3 |



Die mening wat in die inhoud van hierdie joernaal uitgespreek word, is nie noodwendig die siens-wyse van die Raad van dié Dorperskaaptelersgenootskap nie. Die Genootskap aanvaar nie verantwoordelikheid vir enige aansprake wat in die advertensies gemaak word nie.

*The opinions expressed in this journal are not necessarily the views of the Council of this Sheep Breeders' Society. This Society accepts no responsibility for claims made in advertisements.*



KOÖRDINERING VAN PUBLIKASIE
*Firefly Publications (Pty) Ltd*
Charmainé Alberts
Sel: 082 922 3747 • E-pos: palberts@telkomsa.net
Ontwerp deur: Caria Vermaak

**Uitgegee deur • Published by:**
Dorperskaaptelersgenootskap van SA Dorper Sheep Breeders' Society of SA
Posbus/PO Box 26 • Middelburg
Oos-Kaap/Eastern Cape 5900 South Africa
**Tel:** +27 (0)49 842 2241
**E-pos/E-mail:** dorperinfo@adsactive.com
**Webwerf/Website:** www.dorpersa.co.za
**Editor:** Breed Director, Attie Westraad
**Saamgestel deur/Compiled by:** Michelle Kruger

# VOORWOORD

## van die **PRESIDENT**

- Rikus van der Merwe

Die wêreld verander teen 'n ongekende spoed.

Sedert 2020 moes ons leer om saam met die Covid virus te leef. 'n Ekonomiese resessie bedreig feitlik elke vasteland en klimaatsverandering is 'n tergende punt op die Wêreld Ekonomiese Forum se agenda.

Ook op eie bodem raak ons toenemend daarvan bewus dat goeie nuus plek maak vir nuus oor plaasmoorde, grondonteiening, beurtkrag en selfs beurtwater. Verder was die afgelope paar jaar se droogte vir baie boere 'n lang en uitmergelende tydperk. Ongekend en 'n bedreiging vir voedselsekerheid in ons land. Dit voel byna asof die wêreld kop onderstebo gedraai is.

Verandering is egter deel van die lewe en vereis aanpasbaarheid om te oorleef. Wie dít ignoreer, loop die risiko om hul plek in die samelewing stil-stil te verloor. Ook Dorperboere sal ernstig moet kopkrap ten einde hulself in 'n veranderende wêreld te herposisioneer.

Ons word daagliks uitgedaag om meer met minder te doen. Ter illustrasie: Gedurende die week van 25 Augustus 2022 kon 'n boer gemiddeld R100/kg vir 'n A2 lam kry, maar ses weke later, gedurende die week van 10 Oktober 2022 het die prys van 'n A2 lam na R80/kg teruggesak. Dit is bykans R360 minder vir 'n 18 kg lam, R36 000 per honderd lammers en R360 000 per 1000 lammers. Ons praat dus hier van baie geld wat nie deur die boer se plaashek gekom het nie. Dit bly helaas 'n ope vraag waarheen die geld dan wel gaan en waaraan die groot daling toegeskryf kan word.

En tog, ten spyte van al hierdie veranderlikes glo ek steeds aan die belangrike en noodsaaklike rol wat ons as boere in die voorste linie van die voedselproduseringsbedryf speel. Hier verwys ek spesifiek na die vleisbedryf.

Na afloop van 'n insiggewende besoek aan Cavalier Foods gedurende 2022, het ek opnuut besef dat boere aan die gunstige kant van die produksieketting staan. Aan die teenoorgestelde kant van die ketting is daar nét soveel, indien nie selfs meer risiko's wat met die vleisbedryf gepaard gaan. Ons moet onthou dat ons eindproduk 'n bederfbare produk is wat 'n beperkte rakleeftyd het. Sodra die vel van die skaap se lyf af is, verloor die karkas stelselmatig gewig en gevolglik ook waarde vir die middelman wat tussen die boer en die verbruiker staan. Intussen het die boer reeds sy geld ontvang en kan hy homself op reproduksie en waardevermeerdering toespits.

Dit bring my by die punt van maksimale optimalisering binne elke boerdery. Om relevant te bly en finansieël winsgewend te boer, moet ons onsself gedurig evalueer en die nodige aanpassings maak om doeltreffend te boer. Dr. Jasper Coetzee, het gesê: "Moenie net skape aanhou nie. Boer met skape! Wees doeltreffend of verlaat die bedryf."

Skaapboerdery het 'n wetenskaplike sake onderneming geword. Ondervinding alleen is nie meer genoeg om winsgewend te boer nie. Die kuns sal voortaan daarin lê tot watter mate individue presisieboerdery gaan toepas om die beste resultate uit hul boerderye te kry. Die wetenskap en tegnologie is beskikbaar om minstens die uitkoms meer voorspelbaar te maak.

Ek wil aan elke teler die versekering gee dat ons met die regte produk boer en dat ons produk bemarkbaar en in groot aanvraag is. Verlede jaar het die Raad onderneem om die Dorperras meer pro-aktief te bemark. Tot op hede het ons reeds goed gevorder met die opstel van 'n bemarksplan en ek glo dat die projek teen die einde van hierdie jaar op volle dreef sal wees. Baie dankie aan elke lid van die Raad vir julle insette en bydraes tot hierdie projek. Dit verg ekstra tyd en toeweiding te midde van jul eie boerdery aktiwiteite.

Aan Attie Westraad wil ek baie dankie sê vir die manier waarop jy vanjaar se Nasionale Skou beplan en georganiseer het. Saam met al jou ander verantwoordelikhede as Rasdirekteur was dit 'n bedrywige jaar gewees. Met beperkte fondse was die uitdaging soveel groter, maar jy het die manier om 'n sent blink te vryf en in 'n rand te verander. Baie dankie Attie. Die Dorpergemeenskap waardeer dit baie.

Rochelle, baie dankie vir jou bystand en bestuur van die alledaagse bedrywighede by die kantoor. Jy is 'n raakvatter.

Ek wil ook vir Michelle Kruger bedank vir die saamstel van hierdie uitgawe van die Dorper Nuus. Dankie vir die interessante artikels en vir 'n baie mooi boek. Jy maak die Dorperbedryf trots.

Ek wil ook vir ons Hemelse Vader dankie sê vir die wonderlike reën wat vanjaar landwyd geval het en uitkoms na 'n lang droogte gebring het. Mag ons nooit vergeet om afhanklik van Hom te bly nie. Moenie toelaat dat die spoed waarteen die wêreld verander jou onderkry nie. Vertrou op die Here. Hy sal ons nooit verlaat of in die steek laat nie. Sy genade is vir ons genoeg.

# West Front

Dorper Stud

RIKUS VAN DER MERWE
Britstown | Northern Cape
082 890 0351 | admin@westfront.co.za

*Dorper sheep bred for all the right reasons*






Voor v.l.n.r.: Mnre Hardus Korb, Ben van der Westhuizen (Vise President), Rikus van der Merwe (President), Attie Westraad (Rasdirekteur), Tony Cahi.
Agter v.l.n.r.: Mnre André Nieuwenhuis, Phil Rawlins
Afwesig: Mnr Izak Nel (insetsel)

# Council
2021-2022

**PRESIDENT**
**Rikus van der Merwe**
admin@westfront.co.za
082 890 0351
Britstown

**VICE-PRESIDENT**
**Ben van der Westhuyzen**
bivdw@iexchange.co.za
083 413 0221
Adelaide

**MEMBERS**

**Izak Nel**
izaknel@live.co.za
082 781 5131
Aliwal-North

**Hardus Korb**
jgkorbboerdery@gmail.com
082 770 1445
Griekwastad

**Toni Cahi**
tony.erfdeel@gmail.com
082 788 6180
Prieska

**André Nieuwenhuis**
andredorper1@gmail.com
072 579 1121
Rustenburg

**Phil Rawlins**
philrawlins456@gmail.com
072 370 3278
Hercules

# Office

**Mr Attie Westraad**
**BREED DIRECTOR**
+27 49 842 2241
info@dorpersa.co.za

**Rochelle Stander**
**SECRETARY**
+27 49 842 2241
admin@dorpersa.co.za



# 71ste/st Jaarverslag

vir die periode 1 April 2020 - 31 Maart 2021

# ANNUAL REPORT

for the period 1 April 2020 - 31 March 2021



Opgestel/Compiled by:

ATTIE WESTRAAD

Middelburg Oos-Kaap/ Eastern Cape

26.10.2020

**Dit is my voorreg om verslag te doen oor die afgelope finansiële jaar se bedrywighede van die Dorperskaaptelersgenootskap van Suid-Afrika.**

Die Dagbestuur in konsultasie met die res van die Raad moes die jaar se AJV wat 29 Julie 2021 sou plaasvind weer uitstel soos verlede jaar, as gevolg van Covid-19 beperkings op vergaderings en hoë infeksiekoerse. Twee weke voor die geskeduleerde AJV sou plaasvind was die infeksiekoers die hoogste nog (26485 nuwe infeksies per dag) sedert die begin van Covid-19 se uitbraak in Suid Afrika.

Terwyl ek die jaarverslag sit en skryf is die infeksiekoers, maar 210 nuwe gevalle per dag. Ek het 'n vermoede dat die infeksiekoers weer hoër sal wees teen die tyd wat ek die verslag aan u voorhou.

*I used the phrase last year "what a year is has been so far!" and it feels that not much has changed to describe 2021 differently. The virus is still very much among us and the drought has not been broken in so many parts of the country .We can only hope and pray that relieve will come very soon on both scores.*

Die jaar is die eerste keer dat ek pryse van R100/kg en selfs meer vir lammers gesien het, wat sekerlik 'n effense verligting gebring het aan die gelukkige groep landbouers wat op daardie stadium wel lammers gehad het om te bemark.

Pryse van teeldiere was ook heelwat beter as die vorige finansiële jaar.

Ek hou dan nou graag die veilings en ander statistieke aan u voor:

**Auctions**

*Last year I mentioned that 656 less Dorpers were sold at official Dorper sales compared to the previous year. This year we sold 2916 Dorpers more than the previous financial year.*

*Approximately 3588 Dorpers were put up for auction under the auspices of the Dorper Sheep Breeders Society of which 3231 were sold. This represents a sale percentage of 90% which is 6 % more than the previous year.*

*Last year the average price achieved on all the auctions held under the auspices of the Dorper Sheep Breeders' Society was only R6443 which was about R1400 less than the previous year. The main reason for the decline in the prices achieve on auctions was definitely the ongoing drought.*

*I am happy to report that the average prices for Dorpers increased to R9380 during the last financial year, which represents a 46% increase in comparison to the previous year.*

**FINANSIES/ FINANCES**

Daar is 'n afskrif van die finansiële beskikbaar vir almal saam met die Agenda. In kort het die genootskap die jaar 'n wins van R325,807 gemaak teenoor die verlies van R47 058 verlede jaar. Ons het die jaar vir 'n R20,000 verlies begroot, maar as gevolg van die baie goeie veilings was die kommissie op veilings ongeveer R200,000 meer as die vorige boekjaar en het ons beleggings met ongeveer R140,000 gegroei, omdat die aandelemark weer herstel het.

Die uitgawes van die genootskap het slegs met R13060 gestyg oftewel 1,2% styging.

Ek is seker dat die Raad baie goeie planne sal hê om die wins tot voordeel van die ras aan te wend.

Ek weet ook dat die Raad hard besig is om 'n bemarkingstrategie in plek te sit om die Dorperras weer met mening te bemark en sodoende sy regmatige plek in te neem in die bedryf.

**LEDETAL: MEMBERSHIP:**

Die ledetal staan tans op 363 in vergelyking met verlede jaar se 375 (dubbelstoete en buitelandse lede ingesluit). Dit is 12 lede minder as die vorige jaar.

**INSPEKSIE DIENSTE/ INSPECTION SERVICES**

Altesaam 23 inspekteurs was die jaar betrokke by onder andere 5 kursusse, 74 plaasinspeksies, 30 veilingsinspeksies, 2 skoue en 5 uitvoer inspeksies.

Baie dankie aan al die inspekteurs sowel as beoordelaars vir jul harde werk en die opofferings wat julle maak om hierdie belangrike werk te doen.

**VEILINGS/SALES**

Die President het in sy jaarverslag die omsette van die Nasionale veilings aan u voorhou

Die totale omset van alle veilings die jaar was R30 3250 50 teen oor verlede jaar se R17,892,050.

Die verteenwoordig 'n styging in omset van nagenoeg 12.45 miljoen Rand oftewel 'n 70% groei. Dit terwyl ons verlede finansiële jaar 'n daling van 9.05 miljoen Rand gehad het.

Daar was altesaam 30 Privaatveilings (4 meer as verlede jaar), 10 Klub veilings (2 meer as verlede jaar) en 3 Nasionale veilings die afgelope boekjaar.

Die klubs het die finansiële jaar altesaam R81 943 uit kommissies van privaatveilings in hul gebied verdien.

Ons dank aan die afslaers, KLK, BKB, GWK, Vleissentraal, Hobson & Co, CDP en NetAuctions wat die veilings hanteer het en bygedra het tot die sukses daarvan.


Dan moet ek die jaar ook al die aanlyn platforms (CdP, BKB, Veewinkel en SwiftVee) bedank vir die bydrae wat hulle gemaak het tot die algemene sukses van ons veilings.

Ek dink aanlynveilings het gekom om te bly. As daar iets is waaroor ek verkopers wil oor waarsku is dit om nooit op dieselfde dag as iemand anders 'n veiling te hou nie, maak nie saak hoe vêr daardie veiling van jou af is nie, want aanlynkopers kan nie maklik by 2 veilings gelyktydig inteken nie, dus halveer jy potensieel die hoeveelheid aanlyn kopers.

**PUBLIKASIES**:

Die Dorpernuus 2021 is gedruk en word volgende week gepos aan alle lede. Ons het joernale saamgebring vir diegene wat sommer hul Dorpernuus hier wil vat, sodat dit nie volgende week aan u gepos hoef te word nie.

Baie dankie aan al diegene wat die jaar 'n bydrae gemaak het tot die Dorpernuus asook die getroue ondersteuning van al ons adverteerders.




5de Produksieveiling: 26 Januarie 2023

KALAHARI LODGE, KIMBERLEY



Reserwe Junior SA Kampioen Ram 2022



Bogewig Klaswenner SA Wêreld Skou 2022



Reserwe Senior & Reserwe Groot Kampioen Ram 2022

**PROMOSIEWERK:/ PROMOTIONS**

- Because of Covid 19 pandemic there was no Pannar tournament this year and it must be the first time in more than a decade that the Society was not involved as a sponsor of the Grootfontein Agricultural College Pannar Rugby team.
- We are also still involved at School level where we present Dorper Courses and in the Western Cape schools even partake in the Dorper shows. Thank you for the people who so generously give their time and resources to the schools and the youth in general.
- The 37th SAMIC National Carcass Competition was again won by Dorper carcasses as it was the case for the previous 26 years. The fact that we have no equal when it comes to carcass quality and conformity should give us the upper hand when it comes to marketing our breed to the end user.
- Dorper clubs once again promoted the Dorper breed at famer days etc. Thank you to the clubs and our members for the work you do at this level.

Daar is mense wat glo dat die teikengroep die eindverbruiker oftewel die huisvrou moet wees waar die Dorperras bemark moet word. My vraag is waarom oorheers ons nie net die vleismark op alle vlakke nie en die enigste manier om dit reg te kry is as meer en meer kommersiële boere met Dorpers boer.

'n Groter vraag is, wat sal kommersiële boere oortuig om met 'n Dorper te boer? Is dit sy karkas kwaliteit, of dalk sy uitstekende aanpassingsvermoë, dalk is dit sy goeie moedereienskappe?

Ek hoor bogenoemde eienskappe gereeld in geselskappe, maar dit voel vir my dat produsente met 'n produk wil boer, nommer een, omdat hy baie geld daarmee maak en daarna kom al die ander "fancy points".

Ek los die volgende vraag by julle? Teel ons skape wat geld vir die kommersiële boer maak, of teel ons skape wat baie meer geld as enige ander ras vir die kommersiële boer maak?

**NAMPO:**

Nampo is vir die tweede agtereenvolgende jaar afgelas as gevolg van Covid 19.

Dit klink egter of daar 'n kans is, dat Nampo 2022 wel gaan plaasvind.

**KURSUSSE:**

**Die jaar is daar slegs 3 Junior en 2 Senior Dorper kursusse in Suid Afrika aangebied teenoor verlede jaar se 15 kursusse.**

**Die rede dat daar so min kursusse aangebied was is eerstens Covid-19 en dan natuurlik die droogte.**

**2020/2021 Boekjaar:**

| | | |
|---|---|---|
| **2 Senior Kursusse met** | **7 ingeskryf** | **7 slaag** |
| **3 Junior Kursusse met** | **54 ingeskryf** | **45 slaag** |

**Beoordelaarseksamens:**

Ons het die finansiële jaar nie 'n Beoordelaarseksamen aangebied. Die genootskap kyk egter na ander venues om Beoordelaarseksamens aan te bied, aangesien die voorsiening van Dorpers vir 'n beoordelaarseksamen in sekere gebiede 'n groot probleem is as gevolg van die droogte.

**ADMINISTRASIE/ADMINISTRATION**

Aan die einde van elke jaar kyk mens terug en dink wat kon jy anders gedoen het en hoe sal jy dit volgende jaar beter doen. Dit is inderdaad so dat ons altyd kan verbeter wat die genootskap se kantoor betref. Ek is egter tevrede dat ons die meeste van die tyd mense wat navrae gehad het kon help en na die belange van die genootskap sowel as die ras omgesien het. Die genootskap word nie deur myself of enige persoon by die kantoor bestuur nie, maar in samewerking en met die nodige hulp van die Raad.

Baie dankie aan die President, Vise-President en elke Raadslid wat gehelp het om die genootskap se boot deur die jaar wat verby is te stuur.

Dankie aan die Bestuur van alle Dorperklubs, elke inspekteur, beoordelaars, lede van die genootskap en klublede vir jul bydrae tot die Dorperbedryf.

Ek is opgewonde oor die moontlikhede wat daar vir elkeen van ons gaan kom met die bemarking van die Dorperras in die jare wat kom. Onthou egter dat dit nie die plig van 'n paar individue is om die ras te bemark nie, maar elkeen van ons se plig is om daartoe by te dra.

Laastens dank ek my hemelse Vader, want alles wat ons is en alles wat ons het, is slegs as gevolg van Sy groot genade. Sonder hom is ons niks.

Ek dank u.



# 2021 Presidentsverslag

– Rikus van der Merwe

Na afloop van die wydverspreide reën wat die afgelope twee weke in ons droogte geteisterde gebiede geval het, is dit vir my 'n voorreg om die Presidentsverslag aan julle te lewer. Met groot dankbaarheid teenoor die Here glo ek dat ons almal weer daarvoor kans sien om 'n nuwe seisoen van boerdery binne te gaan.

Sowat 'n maand gelede moes ek myself nog baie moed inpraat om nie heeltemal moedeloos te raak nie. Maar met die reën wat oor die Noord- en Oos Kaap uitgesak het, voel dit vir my soos met die geboorte van 'n kind. Die hoop en vooruitsig van 'n nuwe lewe is onbeskryflik groot.

Saam met hierdie nuwe lewe kom daar ook wonderlike nuwe geleenthede. Die land se veestapel is tans seker op sy laagste vlakke ooit. Net hier in die Noord-Kaap alleen is daar distrikte waar die boere slegs 15% van hul kuddes oor het. Dus moet kuddes weer opgebou word.

Vandag wil ek elke boer en teler hier teenwoordig bedank vir julle belangstelling in en deelname aan die Dorper bedryf. Ek wil julle ook gelukwens met die feit dat julle die Dorper en/of Wit Dorper as ras van voorkeur gekies het.

Die Dorper is ongetwyfeld die vinnigste groeiende skaap ras in die wêreld en die feit dat julle hier teenwoordig is, beteken dat julle deel is van die sukses van die ras.

"Jy dra reeds die geel trui".

Vir elke deur wat in jou lewe toegaan is daar een wat oopgaan. Moenie te lank na die toe deur staar en die een wat oopgaan, nie raaksien nie.

Ons moet egter nie illusies daaroor hê dat die Dorper wel kompetisie het nie en ons moenie toelaat dat ons in die hande van dié kompetisie speel nie…

Geleenthede wat ons byvoorbeeld nie moet miskyk nie, is die feit dat kommersiële boere tot soveel as R12 per kg as premie vir 'n "Free Range" lam in die mark kan kry. Dit beteken 'n verskil van R196 vir 'n 16 kg lam tot R264 vir 'n 22kg lam. Dit klink vir my na besigheid en is nie te versmaai nie.

Minstens 75% van Dorper lammers slag binne "specs"

tot 95% van beter kuddes. Hierdie mooi is rooi. Dit is feite en ons moet dit bemark. Soos wat ons hier sit het elkeen van ons ‘n plig en ‘n verantwoordelikheid om ons ras te bemark. Ons moet trots wees op dit waarmee ons boer en ons moet toesien dat wanneer die land se skaap kuddes weer opgebou word, dit met Dorpers herbou sal word.

Vanaf die 2020 boekjaar tot die 2021 boekjaar was daar reeds ‘n reuse toename in omset op ons Nasionale Veiling. Vanaf ‘n omset van R3,463 miljoen tot ‘n omset van R6,292 miljoen. Dit is ‘n styging van 81,71 % in omset met ‘n 1,69% styging in verkooppersentasie vanaf 86,65% na 88,34%.

Dit is ‘n indrukwekkend opwaartse kurwe waarvoor ons baie dankbaar is. Dit dui daarop dat daar vertroue in die Dorper ras is. Die uitdaging is naamlik om die toets van die tyd te deurstaan.

In hierdie groeiende fase moet ons as telers daarna streef om met integriteit diere aan die mark beskikbaar te stel. Sodoende sal ons verseker dat ons iets blywend aan ons nageslag laat, naamlik ‘n beter Dorper...

Ek wil graag ook van die geleentheid gebruik maak om almal aan die stuur van die Genootskap te bedank.

Die Raad en die kantoor het onder uitdagende omstandighede baie goeie werk gelewer. In die besonder wil ek vir Attie en Rochelle bedank wat altyd die fort moes hou. Soos hulle in Engels sê...”a job well done”. Op ‘n stadium het die hele kantoor se personeel Covid onder lede gehad en ten spyte daarvan was daar vir slegs ‘n baie kort rukkie geen dienste nie. 95% van die lede sou nie eers agtergekom het dat die kantoor toe was nie. Dinge het maar net aangegaan. Baie dankie dat julle die ekstra myl vir ons as lede stap. Dit word opreg waardeer.

Ek moet afsluit.


Die afgelope twee weke se reën het vir my nuwe hoop gebring.

Ons het ‘n kans gekry om nuut te begin.

Ons staan aan die vooraand van ‘n blink toekoms.

Die Hemelse Vader het ons as bestuurders oor Sy skepping aangestel. Kom ons gebruik hierdie geleentheid om waardige rentmeesters van Sy skepping te wees en met goeie oordeel en insig die Dorper ras te laat gedy.



# GESKIEDENIS

## Hoogtepunte in die Geskiedenis van die Dorper

| | |
|---|---|
| **1868** | Eerste Swartkop Persie (Somali) skape beland in die Kaapkolonie. |
| **1917** | Eerste proeflotte kruisingslamkarkasse uitgevoer. Proefkruisings met Swartkop Persie te Potchefstroom Landbouskool gemaak. |
| **1922/23** | Dorset-Horn stoetkudde te Elsenburg gevestig. |
| **1923** | Kruisingsproewe begin te Grootfontein Landbouskool. |
| **1929** | Eerste uitvoer van proefslaglamkarkasse van onder andere Dorset Hornkruisings vanaf die Stellenbosch-Elsenburgse Landboukollege. |
| **1932** | Georganiseerde kruisteelproewe vir vetlamproduksie by landbouskole latere landboukolleges en proefplase. |
| **1934** | Eerste koöperatiewe proewe by boere in die karoo. |
| **1934** | (i) Groter georganiseerde kruisteelt en karkasuitvoere |
| | (ii) Verslag oor onder andere Dorset-Persie kruisings te Potchefstroom Landbouskool |
| **1936** | Uitgebreide koöperatiewe proewe by boere begin met verskeie rasse ingevoerde ramme. |
| **1937** | (i) Eerste Dorset-Persielammers by kooperateurs R.Y. Edmeades en Hoërskool Kakamas gebore. |
| | (ii) G. Cole-Rous skaf Dorset-Hornramme aan. |
| **1938** | (i) Gebruik van halfslagramme vir slaglamproduksie gesuggereer te Kakamas Hoërskool. |
| | (ii) Eerste Dorset-Persieslaglam van Hoërskool Kakamas op Upingtonskou vertoon. |
| **1941** | Halfslagram- en ooiskema begin. |
| **1942** | (i) Eerste Dorset-Persie koöperateur R.Y. Edmeades slaan oor na rasontwikkeling, gevolg deur ander koöperateurs. |
| | (ii) Ronderib Afrikaner betrek by kruisingsproewe. |
| **1945** | Eerste Dorset-Persie klas vir 1946 Hopetownskou georganiseer der W.B. Ludik. |
| **1946** | (i) Eerste keurkaart en keuring van stoet Dorset-Persies. |
| | (ii) Vestiging van eerste kernstoetkudde Dorset-Persies by Edmeades. |
| **1947** | Afsluiting van die Dorset-Persie proeffase. |
| **1950** | Dorperskaaptelersvereniging gestig met G.C. Rous as Voorsitter. |
| **1951** | (i) Keurkaart en inspeksies kry beslag. |
| | (ii) Eerste inspekteurs: W.D. Meyer plus een lid van Bestuur. |
| | (iii) Vertoning van Dorpers op Landbouskoue. |


**1952** Tweede groep inspekteurs: C.T. van Rensburg (Transvaal, L. Mostert (Kaapprovinsie), R.Y. Edmeades (Middellande), H.C. de Smidt (Hopetown) en van der Walt (Bloemfontein).

**1953** Eerste keuring van Dorpers by R.L. Stander.




**1954** Eerste inligtingstuk oor Dorpers: W.S. Hugo

**1955** (i) Eerste Nasionale Dorperkampioenskapskou te Hopetown.



1ste S.A. Groot kampioen Dorper ooi: De Smidt Broers



1ste SA Groot Kampioen Dorper Ram: Stander Broers

(ii) Eerste Dorperveiling

(iii) Eerste Dorperklub te Hopetown gestig (nie amptelik).

(iv) Eerste Dorper kort kursus te Grootfontein Landboukollege.

**1956** (i) Dorperskape na Rhodesië (Zimbabwe) uitgevoer.

(ii) Eerste nuusbrief verskyn.

**1959/60** Stigting van Wit Dorpertelersvereniging

Eerste Dorperbrosjure: S.W. Bosman & R.L. Stander.

Eerste Veld-Dorperklub: Griekwastadboere en Voorligtingsbeampte J.G.L. Meyer (Amptelike status 1964)

**1962** Aanstelling van eerste voltydse sekretaris.

**1963** Eerste amptelike Dorperklub: Hopetown-Dorperklub

**1964** Aansluiting van Wit Dorpertelersvereniging by die Dorperskaaptelersvereniging.

**1966** (i) Eerste Wit Dorper Nasionale Kampioenskap te Kenhardt.

(ii) Eerste Dorpernuuspublikasie.

**1967** Rhodesië (Zimbabwe) stig af en vorm eie telersvereniging.


NEL DORPERS
STRYDPOORT
Izak Nel +27 (0) 82 559 7765 · GB Nel +27 (0) 82 789 7715
Aliwal-Noord, Suid-Afrika
www.neldorpers.com
Besoekers welkom!

**1977** Affiliasie by S.A.Stamboekvereniging.

**1979** Regspersoonlikheid word aan die Genootskap verleen.

**1987** Volwaardige Dorperskaapras kragtens Veeverbeteringswet verklaar.

**1990** Veertigjarige bestaansviering, Grootfontein Landboukollege, Middelburg Oos-Kaap.

**1990** Kleinvee ekspo, Bloemfontein, waar Dorpers 8 uit 10 plekke in die karkaskompetisie verower.

**1991** Dorperseël versprei. (Op 21 Februarie 1991 is 'n dorperseël deur die Poskantoor uitgereik. Eerste Dag koeverte is spesiaal vir die geleentheid gedruk en is gestempel met 'n spesiale Dorper stempel te Middeburg K.P.)







Ons almal ken een. Daardie mens wat nooit ophou werk om kos te produseer nie. Wat na sy diere, lande, werkers en gesin omsien met sorg en positiwiteit. Aan elke Ou MacDonald in Suid-Afrika: Ons waardeer jou.

gwk.co.za

GWK
innoveer landbou



# Breed History

## Origin Of The Breed

After the First World War, increased interest developed in South Africa in crossing indigenous sheep, like the Persian and Merino with British mutton breed rams. The precise reasons for this phenomenon is not clear. As a result of circumstances such as the depression, surplus mutton and the slump in wool prices in the early 30's, the exporting of mutton and lamb received more attention. To the English market the fat-tail type sheep were both strange and new and according to their system of grading not desirable.

A need originates for a fairly good mutton sheep which could produce fast growing lambs on veld conditions with a good quality carcass. In the Western Cape, a prerequisite was that the ewes must be rutting in November-December in order to lamb from April. In the Karoo areas, the aim was to replace the fat-tail types with a breed with a more acceptable carcass. The initial need was to produce a sheep breed suitable to the demanding low rainfall areas of the Northern Province. A relatively easy care sheep with an acceptable meat carcass had to be found for these difficult circumstances.

**The Dorper sheep was developed in the 1930's by the Department of Agriculture of South Africa when they did a crossing with a Dorset Horn Ram and Blackhead Persian ewes.**

The most important characteristics required for the breed were probably the following:

- Satisfactory lambing ability in the autumn.
- Reasonably acceptable meat carcass.
- A good slaughter lamb on veld conditions at 4-5 months.
- Resistance against cold wind and rain, extremely high summer temperatures and radiation.
- A versatile sheep and good utilizer of tough grass and shrub veld.
- Satisfactory reproductive fitness.
- Easy care without lamb shearing problems.
- Fair amount of colour and pigmentation.

With this goal in mind, co-operative experiments were done by farmers on a small scale in the Karoo. Due to the outstanding performance of the Blackhead Persian, especially under harsh environmental conditions. This breed was selected as the motherbreed.

The Dorset Horn was selected for it demonstrated a longer breeding season in comparison to other British sheep breeds.


## History



The officials at Grootfontein (main research center for the Karoo areas) wanted to determine the merit of the different cross-breeding. The following was suggested: The testing of pure bred rams of different British mutton breeds on indigenous fat-tail breeds.

- To determine the proportion British mutton breed to introduce without losing the hardiness of the indigenous breeds.
- To use half-cross Dorset Horn x Persian rams (50:50) on the indigenous fat-tail breeds in order to upgrade them to the half-cross Dorset Horn x Blackhead Persian. This phase only started in 1941 as high prices, mortality and mating ability of purebred British mutton breeds lead to their failure.
- To establish an improved South African mutton breed. There were already experiments taking place at Grootfontein with the Dorset x Persian proving more and more to comply with the need for ewes to lamb in Autumn or to conceive in November-December.


**Round-ribber Afrikaner added**



Later ¼ and 3/8 cross were added and the Round-ribbed Afrikaner was also involved. Eventually in 1942, after some co-operators joined the so-called half-cross rani scheme and switched to the mating of F1-half-cross x F1-half-cross Dorset-Persian to produce F2-half-cross individuals. The following co-operators, namely R.Y. Edmeades, W.B. Ludick, W.A. Stahl, D.J de Smidt (and his son H.C. de Smidt) worked successfully with Dorset Horn crosses on their farms and contributed a lot to the establishment of the Dorper breed as such.

**Lifetime devotion**

As the Dorper was developed on their farms under the guidance of D.J Engela, these people devoted a lifetime's work to the project and not always under easy circumstances. Through trial and tribulations Engela decided in 1942 that Edmeades should strive to a half-cross Dorset x Persian. At that stage Edmeades did not have mature half-cross rams available but he had quite a few ¾ bred on which he was previously concentrating.



Engela selected two half-cross (Dorset x Persian) rams from the flock of Stahl to be used by Edmeades. They were received in September 1942 but not put to work immediately although from then on he was concentrating on a half-cross Dorset x Persian. He mated his ¾ cross DP rams the following mating season with Persian and 3/8 cross DP ewes. The ¾ cross and 7/8 cross DP ewes and also some Persian ewes were mated to a Dorset Horn ram.

**Breed transformation**




Engela then reported that Edmeades was in the process of transforming his whole Blackhead Persian flock into a half-cross Dorset x Persian flock – in other words the future Dorper. With these matings the first purposeful "Dorper" lambs were produced although at that stage they were only referred to as Dorset x Persian or half-cross Dorset x Persian. Edmeades and Engela continued with the mating, weighing and comparing of the different crops of lambs with interesting and rewarding results.

**The "Dorper" is born**



In 1947 Edmeades at last decided to attach the name "DORPER" to his new stud. On 21st May 1946, 1000 half-cross Dorset x Persian ewes were inspected on his farm and 82 x F2 and F3 ewes were selected as well as 2 x F2 rams and 1 x F3 ram as foundation stock for the Rye Dorper Stud. Another 200 ewes and six rams were selected as "selected flock". Unfortunately, no records were kept of the stud ewes and lambs but Edmeades was so pleased with the results that he decided to sell all his pure bred Dorset Horn rams. From here on, again under the guidance of Engela




WHITE DORPERS & DORPERS

**Pieter Wiese:** 082 868 4828 | pieterwiese@wiesebt.co.za
**Dries Wiese:** 082 809 2949 | drieswiese@mweb.co.za

**ANNUAL PRODUCTION SALE EVERY LAST THURSDAY OF SEPTEMBER**

PO. BOX 58 | LOXTON | 6985






For functional, adaptable breeding stock

and in co-operation with Edmeades a proper record system was developed, a pointing system and breed standards came from more research by keen farmers and officials like S.W Bosman who followed Engela.



**White Dorper**

The person who played the most important role in the development of the White Dorper was G. Colerous who farmed near Grootfontein Agricultural College. He did not act as a co-operator but kept close contact with Grootfontein officials. His Merinos had a low lambing percentage under his veld circumstances and he became interested in mutton sheep. He bought Persians and also two Dorset Horn rams of outstanding quality which were imported from Australia during 1937.

The first crosses between Persian and Dorset Horn were mostly spotted but there were also white lambs. He mated 12 (white) half-cross Dorset x Persian rams with his Merino ewes and produced quarter-cross Dorset lambs (1/4 DH : ¼ BP : ½ Merino). Thus, he became a Dorset x Persian (Dorper) breeder but he concentrated on the white variation. In later experiments, Dorset Horn x Van Rooy cross-breeding was also done and the Dorper was also built up partially by this cross-breeding.

In the early stages, there was quite an argument about the name. Rous wanted to call his breed the Dorsian, while Engela favoured the name Dorper. Eventually, in 1964 the two Societies amalgamated and by explanation of F.N. Bonsma that these sheep actually carried exactly the same genes, the name Dorper was accepted and acknowledged as such by Stud Book. Exactly the same breed standards are applied to both Blackhead Dorper and White Dorper except regarding colour and pigmentation.

**Breed improvement**

Research on the Dorper continued and on 19 July 1950, The Dorper Breeders Society was formed by 28 farmers and 11 officials. A score card was developed with the following traits in order of importance:

- Conformation
- Size
- Fat distribution
- Colour pattern
- Hair/wool type
- General appearance or type

**Over 4 million Dorpers today**

The early Dorpers were white with black spots/ patches all over the body. During 1957, this aspect received a lot of attention and discussion. The outflow of this was the even colour distribution of today's Dorpers.

The number of breeders increased steadily over the years to a peak of 910 members during 1984/1985.



Currently, there are 600 breeders represented by 10 clubs in the various parts of South Africa and Namibia. According to Marais and Schoeman (1990), the Dorpers grew from 2.6 million in 1963/64 to 6.6 million in 1990. The estimated number of Dorpers in South Africa is currently over 4 million.

The first National Dorper show was held at Hopetown during 1955. Since then it grew to one of the biggest small stock shows in the world. From 1988 until 1998 more than 1000 animals competed for the different prizes. Regional and club shows are held on an annual basis all over South Africa. Since 2002 a

World Championship Show takes place every second year in South Africa.

**Conclusion**

From this humble beginning, the breed proved itself as a hardy mutton sheep with a top quality carcass at a relative early age. This progress can only be contributed to the many people who truly loved and believed in the success of the breed. The breed is now in the hands of the current generation and they can further develop the breed by applying what they have learned from the past, but also the overcome the challenges of the future.

*Acknowledgement: Article compiled mainly from the book written by JA Nel (History of the Dorper) 1993. Dorper Breeders Society of South Africa.*

**The Dorper breed is now numerically the second largest sheep breed in South Africa.**

Although the Dorper breed was declared indigenous to South Africa, it has found its way all over the world in countries such as Australia, New Zealand, The United Kingdom, Middle East, China, Canada, Germany, Switzerland, Brazil, Argentina, South America, Mexico, United States, various African countries, Israel and Namibia, where farmers now farm with this magnificent breed because of its outstanding qualities.





# Outstanding Characteristics of the DORPER

These important characteristics are essential for proper selection. We don't have to wonder how to achieve these as they are bred into the breed over the past 70 years. It is therefore our obligation to future generations, not to breed these characteristics out or select them out.

**The appearance of the Dorper appeals to many people, and it is easy to care about something that pleases the eye.**

## GOOD BREEDING PRACTICE

Dorpers can lamb three times in two years. To achieve this, remember the following:

- The ewe background is important. Fertility of an ewe is influenced by the conditions in the first 12 weeks of her life cycle. (Prof. van Niekerk – University of Pretoria).
- Feeding and condition of ewes.
- Management, size of camps, percentage rams to ewes.
- Fertility, condition and libido of rams.
- The mating season should be controlled. Do not mate ewes during the lowest conception time.
- The Dorper has a long breeding season but also has a short, low-conception period, which varies from area to area.

## ADAPTABILITY

This is measured by the well being of the animal and the ability to produce and reproduce under any condition, and is determined by the following:

- Mortality rate
- Reproduction tempo
- Growth rate

The ewe should keep reasonable condition while raising her lamb to be ready for the next mating cycle. However, be fair to your animals, especially ewes raising multiple lambs, under drought and poor grazing conditions – let nature help you to select for this important aspect.

## HARDINESS

The Dorper was originally bred to produce under arid conditions. Now also farmed in ultra cold, snow and wet conditions.





Under these conditions the animal must be able to survive and resist health hazards and diseases. You can select for hardiness through observation and record keeping.

## VELD UTILIZATION

The Dorper is outstanding in this aspect and being non-selective in its grazing habits, means that it will fully utilize virtually any type of grazing or roughage. This trait also makes the breed excellent when participating in any controlled grazing improvement program. It is an absolute fallacy that the Dorper "tramples" the pastures (veld). It is strictly the farmers' responsibility to control his stocking rate.

According to the research done by Prof. Tertius Brand of the Elsenburg Agric Research Centre, who received all research on diet selection etc. of Dorpers, there is a lack of information on the breed under more intensive conditions, but it seems clear that Dorpers are less selective feeders than other breeds. They are bigger than most wool sheep, but they consume less herbage per metabolic size and can actually be used to improve veld conditions. Obviously, the farmers' stocking rate must be correct.

- Dorpers utilize shrubs and bushes to a greater extent, but take in less grass than Merino-types.
- They walk less to select food or find a suitable spot to graze. The result is a shorter grazing time, fewer separate grazing periods, less trampling.

Animals can be compared by means of the so called relative trampling index, which uses body weight, sleeping length, spoor size and distance walked to determine the potential ability to disturb the soil surface. In various tests done around the country it was proven that Dorpers take in lower quality materials, thus improving veld conditions. However, more research is needed under extensive conditions as well as on other behaviour aspects of this unique breed.

## GOOD MOTHERING QUALITIES

The Dorper ewe will nourish her lambs under difficult conditions. When the ewes are left alone they will lamb easily, and will retain and look after their lambs. Give them enough space with good grazing, clean water, etc.

Furthermore, they will give you a good return on your investment. The Dorper does not easily lose their lambs, even if they are handled soon after lambing. The mortality rate in the Dorper is low.

## EASY CARE

Dorpers are easy care animals. With the correct covering on the animal, you are ensured of good demand for breeding material as no shearing is required.

Dorpers and White Dorpers generate additional income from the sale of skins.

Mickey Phillips & Son
DORPERS



**Ashley Phillips:** 082 566 4762 · **Mickey Phillips:** 082 498 2884
Heathfield Farm Tarkastad · **[E]:** bashphillips@gmail.com

Like Mickey Phillips & Son Dorpers

mickeyphillips-and-son-dorpers.com



Gunston
World Junior Champion 2022


Missy
World 2 Tooth Champion 2022


Prince


Genesis



## DORPER SKINS

- Dorper skins are regarded among the best in the world. It has no wrinkles and a smooth grain. It is used in the manufacture of high quality leather clothes and gloves.
- These skins are a sought-after export product, and few Dorper skins are used locally in the leather industry. Pickled Dorper skins are mostly sold for export at good prices.
- The grain of the skin takes up half of the total thickness of the skin. Glands are not well developed in the grain, as the grain consists of a network of strong collagen fibres. This network of collagen fibres makes the leather exceptionally strong. Collagen is the material that forms the leather.
- A sheep skin with a lot of hair closely resembles a goatskin. The fibers of a Dorperskin are delicate, but the skin structure is tighter and denser than that of goatskins or wool skins. The weave angle of Dorper skin fibres is flat – a feature that strengthens the leather further.

# Moenie jou SKILD weggooi nie



In die ou dae is soldate met 'n swaard en 'n skild toegerus. Hierdie skild moes hulle bewaar het van aanvalle van die vyand se swaard. Onder geen omstandighede moes hulle die skild verloor het nie. Daar is niks gedink van manne wat hulle skild neergegooi en weggehol het nie. Volgens oorlewering, is die skild deur die moeder aan die seun gegee en gewoonlik het sy dan gesê: "Bring die skild terug of word deur ander bo-op jou skild gedra." Hiermee bedoel hulle dat dit beter is om selfs dood op die skild teruggedra te word as om sonder die skild daar aan te kom. Net so moet ons ons vertroue in God ook nie neergooi en weghol nie, want dan is ons sonder beskerming. Dan is ons nie bestand teen die aanvalle van die vyand nie en is ons 'n maklike teiken. Eintlik is dit 'n opdrag vir elkeen: 35 Julle geloofsvertroue moet julle dus nie prysgee nie: dit hou groot beloning in. Wanneer ons ons geloofsvertroue in God neergooi, begin twyfel óf toelaat dat daar 'n kraak in ons geloof kom, óf dit haal die beskermende skerm oor ons af. Dan nooi ons eintlik twyfel in en dis twyfel wat ons geloof in God stukkie vir stukkie steel. Wanneer ons egter sorg dat ons vertroue in God sterk is, kan die aanvalle van die bose maar kom, ons sal nie van die pad af gesleep kan word nie. Ons sal kragtig enige uitdaging kan teenstaan. Ons sal met wysheid elke storm kan weerstaan en as oorwinnaars uit die stryd tree. Dit klink maklik, maar as ons hierdie presies as waarheid in ons lewe wil toepas, is dit nie so maklik nie. As 'n krisis aan ons deur klop, is ons vertroue baie keer te lig in die broek. En onthou, die beloning sal vir seker daar wees. Dit is nog 'n belofte van God waaraan ons kan en moet vashou!

Shalom Gerjo Ben

https://kruispad.247.org.za/moenie-jou-skild-weggooi-nie



# Biosekuriteit in die veebedryf

Geskryf op deur DR. J. H. DU PREEZ, besturende direkteur: Instituut vir Suiweltegnologie, MPO.

**Dit is belangrik vir die veeboer dat daar nie nuwe siektes sy plaas binnekom nie en daarom is 'n biosekuriteitsplan so nodig.**

Dit is belangrik vir die veeboer dat daar nie nuwe siektes (nuwe besmettings) sy plaas binnekom en binne sy kudde of tussen kuddes versprei nie. Gewoonlik het die diere op 'n plaas nie 'n goeie of geen weerstand (geen immuunstatus) teen nuwe siektes wat die plaas binnekom nie. Hierdie nuwe siekte of siektes tas gewoonlik baie diere aan en baie diere kan ook vrek, met gevolglike groot ekonomiese verliese. Daarom is 'n biosekuriteitsplan 'n noodsaaklike instrument om die boer te help om dit te beheer. 'n Biosekuriteitsplan spel al die handelinge wat op die plaas uitgevoer word uit om te verseker dat nuwe siektes nie die plaas binnekom en die diere besmet nie.

**Staat se verantwoordelikheid**

Op nasionale vlak is die Staat verantwoordelik vir die beheer van biosekuriteit in die land. Daar moet beheer wees oor die invoer en uitvoer van alle lewende diere. Die Staat moet verseker dat ingevoerde diere gesond en vry van siektes en besmettings is. Die Staat beheer ook die invoer van produkte soos kombuisafval vanaf internasionale skepe en vliegtuie wat siekteveroorsakende agense soos die bek-en-klouseervirus kan bevat.

Uitbrekings van bek-en-klou-seer waar diere besmet is deur kombuisafval met die bek-en-klou-seer virus het al voorgekom, met nadelige gevolge vir die land se industrie. Die siekte bek-en-klou-seer, wat 'n aanmeldbare siekte is, word daarom deur die staat beheer. Op nasionale vlak is die Staat ook verantwoordelik vir die beheer van brusellose en tuberkulose. Beide bogenoemde siektes kan vanaf die diere na die mens oorgedra word met nadelige gevolge. Siektes wat van die dier na die mens oorgedra word, word soönose genoem.

**Vee-eienaar se verantwoordelikheid**

Siektes wat nie op nasionale vlak vir die veebedryf 'n gevaar inhou nie, moet self deur die vee-eienaars op plaaslike vlak beheer word. Die vee-eienaar is op plaaslike vlak self vir biosekuriteit verantwoordelik. Daar is meesal entstowwe beskikbaar teen die siektes (byvoorbeeld knopvelsiekte, bloutong, ensovoorts) wat deur die eienaar self beheer moet word. In die beheer van hierdie siektes is goeie bestuur van die boedery ook belangrik om produksieverliese te beperk en goeie vee gesondheid te verseker.

**Weerstand van diere**

Dit is belangrik vir die veeboer om te verseker dat sy diere se weerstand optimaal is vir goeie gesondheidstatus asook vir biosekuriteit doeleindes. Goeie voedings bestuur, parasietbeheer en die vermindering van stres op die dier is belangrik om te verseker dat die dier se gesondheidstatus optimaal is. Diere ervaar baie stres gedurende droogteperiodes waar kos skaars is, oorstromings

en vloede, gedurende geboortes van kalwers of lammers of met die speen van die kalf of lam.


Indien die diere se gesondheidstatus goed is, sal hulle weerstand teen siektes optimaal wees. Daar moet verseker word dat diere in 'n goeie kondisie is en die gesondheidstatus optimaal is as hulle teen siektes ingeënt word, want dan sal hulle spesifieke immuniteit teen daardie siektes ook optimaal wees.

Siekteveroorsakende faktore moet so ver moontlik voorkom of verminder word. Toets vir diere wat draers is van siektes soos beesvirusdiarree of brusellose. Met die aankoop van diere moet verseker word dat die aangekoopte diere siektevry is, sodat daar nie siektes na jou plaas of kudde versprei nie. Dooie diere moet begrawe of verbrand word. Karkasse van diere in die veld kan 'n bron van lamsiekte-besmetting wees vir gesonde diere wat daaraan lek. Groot getalle vrektes by diere (beeste, skape) het al voorgekom deurdat hulle aan besmette karkasse lek.

**Voorkoming en beheer van siektes**

Met die voorkoming en beheer van dieresiektes op plase moet die omstandighede van elke plaas soos reënval, temperatuur, aanwesigheid van parasiete (bosluise, wurms ensovoorts), waterbronne, weidings, diersoort, produksie sisteem, wisseling van diere, aanwesigheid van wild en voëls en bestuurspraktyke in ag geneem word vir doeltreffende siektebeheer en biosekuriteit. Die inkoop van nuwe diere en verskuiwing van diere tussen kampe het 'n wesenlike invloed op dieregesondheid en daar moet hiermee rekening gehou word (sien gedeelte hieroor later in artikel).

Verseker dat alle diere ingeënt is teen die heersende siektes in die area en wat op die plaas voorkom. Alle nuwe diere wat op die plaas ingebring word, moet getoets en vry wees van siektes. Dit is wys en raadsaam om jou veearts te raadpleeg oor voorkoming en beheer van



dieresiektes en watter stappe geneem moet word om te verseker dat die biosekuriteit op jou plaas optimaal is.

Vir die meeste belangrike siektes in Suid-Afrika is daar doeltreffende entstowwe beskikbaar om die siektes by diere te voorkom soos byvoorbeeld sponssiekte, dikkop, knopvelsiekte, bloutong, bloednier, perdesiekte, brusellose, nuwesiekte, varkparvovirus besmetting ensovoorts. Waar daar nie entstowwe beskikbaar is om diere in te ent nie, moet die voorgeskrewe bestuurspraktyke om daardie siektes te voorkom, nougeset nagekom word soos byvoorbeeld vir snotsiekte, tuberkulose, longsiekte ensovoorts.

**Boerderystelsels**

Vir intensiewe boerderystelsels soos melkkoeie wat op ‘n nul beweiding sisteem of beeste in ‘n voerkraal aangehou word, is die biosekuriteit anders as vir vleisbeeste wat op ‘n ekstensiewe stelsel aangehou word. Kontak jou veearts om ‘n volledige biosekuriteit program saam te stel wat doeltreffend kan werk ooreenkomstig die boerderystelsel.

Mense kan draers van siektes wees. Besoekers kan onwetend siektes van buite en van plaas tot plaas versprei. Alle besoekers moet bewus wees van die biosekuriteit maatreëls op die plaas. “Geen toegang”-bordjies kan met oorleg aangewend word. Besoekers kan gevra word om rubberstewels van die plaas aan te trek. Diere moet gereeld vir siektes getoets word en siek diere moet geskei word van gesondes. Dis wenslik waar diere aangekoop word om hulle vir ‘n tydperk van drie tot vier weke in kwarantyn te plaas.

**Aspekte van hantering by ingekoopte diere**

Alle diere wat ingekoop word vir die plaas moet gedip word om eksterne parasiete (byvoorbeeld bosluise, luise, myte) te elimineer. Dit is aan te beveel dat die diere gedip word voordat hulle op die plaas aankom. Ingekoopte diere met hartwater- of rooiwaterbosluise kan die plaas besmet en reeds gevestigde diere kan vrek aan bogemelde siektes as die bosluise hulle byt en besmet as daar nie hartwater of rooiwater op die plaas voorgekom het nie. Die bontbosluismannetjie dra die hartwater-veroorsakende organismes oor: Verseker dat alle ingekoopte diere verkieslik ontwurm word, om die interne parasiete te elimineer sodat die plaas nie besmet word nie. Raadpleeg jou veearts vir die besonderhede hieraan verbonde.

Dis wenslik om ingekoopte diere vir drie weke apart te hou (in kwarantyn) alvorens hulle by ander troppe diere gesit word. Indien die ingekoopte diere ‘n siekte onder lede het en nog in die broeitydperk (inkubasieperiode) van die siekte was, sal die siekte tot uiting kom gedurende die kwarantynperiode.

- Alle diere wat ingekoop word, moet vir sekere siektes wat van ekonomiese of strategiese belang is, getoets word byvoorbeeld brusellose en tuberkulose. Raadpleeg jou veearts vir besonderhede.
- Indien draerdiere wat dikkopsponssiekte-kieme (Clostridium novyi) of ander mikroörganismes dra, ingekoop word hou dit ‘n groot gevaar in vir nie-geïmmuniseerde diere wat reeds op die plaas is. Raadpleeg jou veearts aangaande immuniseringsprogramme (inenting) wat gevolg moet word om diere te beskerm.

  •Die verskuiwing van diere tussen kampe op dieselfde plaas hou altyd ‘n potensiële gevaar in vir uitbreek van sekere siektes soos rooiwater, bosluis gedraagde galsiekte, sponssiekte, miltsiekte ensovoorts. Verseker dat die immuniseringsprogram vir jou plaas op datum is.

**Gevolgtrekking**

In ag genome die risiko’s waarmee die veeboer gekonfronteer word, is dit net raadsaam om te sorg dat daar ‘n biosekuriteitsplan vir die plaas is en dat almal daarby hou. In hierdie geval – soos so baie ander – is voorkoming beter as genesing.



# Kuddegesondheid

Deur DANIE VAN NIEKERK Tegniese Ondersteuning – VIRBAC Bron: www.vkb.co.za/files/padsaam_361.pdf

'n Faktor vir winsgewendheid

Een van die mees kritiese faktore in die winsgewendheid van enige veeboerdery, is die jaarlikse verkoopspersentasie. Dit is 'n funksie van reproduksie (aanteel) minus mortaliteite (vrektes). M.a.w. hoe beter u kudde se reproduksie status is en hoe laer die mortaliteite is, hoe hoër is die verkoopspersentasie en winsgewendheid. Naas voeding, speel dieregesondheid 'n kardinale rol om optimale produksie te verseker. Sorg dus dat u 'n eenvoudige, dog doelgerigte, kudde gesondheid program in plek het EN dit getrou navolg! Onthou - geen lam groei so swak soos die een wat nie gebore is nie en die wat wel gebore word, moet so behandel word dat hulle maksimum inkomste kan verseker. Die implementering van 'n doelgerigte gesondheidsprogram kan daartoe bydra om beide reproduksie te optimaliseer en mortaliteit te minimaliseer. So 'n program berus op die volgende pilare:

- 'n Tydige en doeltreffende INENTINGSPROGRAM

Inenting is soos versekering – jy tref voorsorg en weer die belangrikste voorkombare siektes af, OF, jy spaar die geld om nie te ent nie en vat die pyne as siektes soos bloutong, bloednier, slenkdalkoors en baie ander toeslaan! As jy wag totdat 'n siekte uitbreek, is dit in die meeste gevalle te laat om eers dan te begin ent. Die keuse is joune!

- 'n Tydige en doeltreffende PARASIET BEHEERPROGRAM (inwendig sowel as uitwendig)

Beeste vrek nie maklik van inwendige parasiete nie, MAAR, dit lei tot swakker reproduksie en produksie, wat nie altyd raakgesien word nie = indirekte verliese. By skape is direkte verliese (vrektes) meer algemeen as behandeling nie tydig en doeltreffend plaasvind nie. Indirekte verliese i.t.v. reproduksie en produksie kom ook algemeen voor. Bosluisoorgedraagde siektes by beeste en skaapbrandsiekte by skape, lei jaarliks tot geweldige ekonomiese verliese. Maak dus seker dat u weet watter parasiete, wanneer op u plaas 'n bedreiging inhou en behandel die diere tydig met 'n doeltreffende produk.

- 'n Tydige en doeltreffende SPOORMINERAAL en VITAMIEN AANVULLINGSPROGRAM.

Dit is algemene kennis dat Suid-Afrika in die algemeen 'n tekort aan spoorelemente het, of die opname daarvan deur antagoniste (veral Ca, Fe en S) beperk word. Variërende lek inname vererger die problem verder. Teen die tyd dat fisiese spoorelement tekorte gediagnoseer word is daar alreeds baie "onsigbare" skade aangerig. Sorg dat u diere lekke ontvang wat spoor minerale bevat. Maak egter seker dat

u diere tydens kritiese periodes van verhoogde spoor mineraal behoefte soos kalf/lam-, paar- en speentyd, asook tye van stres bv. swak voedings omstandighede - 'n "OP- TOP" ontvang d.m.v. 'n beproefde inspuitbare spoormineraalaanvulling, asook 'n vitamienaanvulling (A & E).

- Die tydige DIAGNOSE en doeltreffende BEHANDELING van siektes.

Hierdie is 'n aspek wat baie keer afgeskeep word en tot groot verliese kan lei. Deur siek diere vroegtydig te identifiseer en korrek te behandel, word geld gespaar deurdat vrektes verminder word, diere vinniger herstel en minder aan behandeling gespandeer word. 'n Toegewyde, opgeleide toesighouer by die vee, kan u baie geld spaar!

- Tydige en doeltreffende ALGEMENE AKSIES Bv. Bulle/ramme wat onvrugbaar is gaan nie koeie/ooie dragtig kry nie! Toets ramme en bulle dus voor die aanvang van die teelseisoen vir vrugbaarheid en geslagsiektes om 'n onaangename verrassing teen lam en kalftyd te voorkom. Tydige dragtige heid bepalings kan baie daartoe bydra om "passasiers" uit te skot en seker te maak dat diere die regte voeding ontvang om in optimale kondisie te kalf/lam. Tydens droogtetoestande kan die algehele parasietlading dalk laer wees as in jare met normale reënval, maar die uitwerking van die parasiete wat wel voorkom kan 'n groter negatiewe invloed op die dier se algemene welstand hê a.g.v. die laer inname van voedingstowwe, swakker kondisie, asook die gepaardgaande effek van stres en diere se verlaagde immuniteit.



# Vrotpootjie

Deur JACQUES VAN VUUREN

Mankheid in skape is 'n groot probleem in Suid-Afrikaanse skaapkuddes, veral in die hoër reënvalgebiede van die land. Dit is ook 'n groot oorsaak van ongerief en pyn en 'n heersende bron van ekonomiese verliese in die skaapbedryf. Diere wat mank is, kan nie wei nie en ook nie voldoende vir voer meeding nie. Die gevolge van mank skape is:

- Verlies aan liggaamskondisie.
- Laer lampersentasies.
- Laer geboortemassa wat dan oorlewing van die lam benadeel.
- Verlies in melkproduksie.
- Ramme se vrugbaarheid is laer.
- Swakker wolgroei.

Die belangrikste om altyd eerste te doen is om te bevestig dat vrotpootjie, veroorsaak deur die bakterie Dichelobacter nodosus, die probleem is. Ander algemene oorsake van mankheid in die somer is: Bloutong, bosluise, voetabsesse, aarbeivrotpootjie (veroorsaak deur swamagtige Dermatophilus congolensis), ná-dipmankheid (veroorsaak deur Erisypelas rhusiopathiae) en seleentekorte (veral lammers). In die winter is dit meestal voetabsesse, aarbeivrotpootjie, asidose (skape op lande) en laminitis (verkeerde byvoeding.

**Die bakterie (Dichelobacter nodosus) wat vrotpootjie veroorsaak, lewe op die pote van geïnfekteerde diere wat óf kruppel óf normaal**

Mickey Phillips & Son
# DORPERS



Bolt Junior - World Grand Champion 2018



Red Bull - World Grand Champion 2016




Royal Flush - World Grand Champion 2022



Bolt - World Grand Champion 2012






Love - World Grand Champion 2016



Taylor - World Grand Champion 2022




Black Beauty - World Grand Champion 2018

**Ashley Phillips:** 082 566 4762
**Mickey Phillips:** 082 498 2884
Heathfield Farm Tarkastad
**[E]:** mickeyphillipsdorpers@gmail.com

Like Mickey Phillips & Son Dorpers

**voorkom.** Onder optimale omstandighede word dit beraam dat D. nodosus vir 'n maksimum van 7-10 dae op weidings en tot ses weke op gesnyde hoefdele kan oorleef. Dit kan selfs tot en met drie jaar in die hoewe van lewendige skape, wat dan draers is, voorkom. Die organisme oorleef die beste in warm (>10°C), klam omgewings (gewoonlik meer as 50mm reënval). Geïnfekteerde skape is dus die hoofbron van infeksie vir ander skape, hoewel verspreiding van die bakterieë van een skaap na 'n ander ook deur die oppervlakte waarop hulle staan of loop kan geskied. (Whittington, 1995) D. nodosus kom voor in anaërobiese toestande bv. in modder. hoef beskadig. Die hoef word sag, krummelrig en los. Kloutjies is warm en word misvorm. As die horingagtige dele weggesny word, word op die slegruikende, grysgeel smetterigheid afgekom. Hierdie toestand kan lei tot sweerklou en permanente mankheid. Binne 7-14 dae kan die swelling tussen die kloutjies vorder tot die skeiding van die hoef vanaf die weefsel. Gunstige omstandighede vir D. nodosus kan tot meer as 10% en selfs 60%+ van die diere affekteer.

| Vrotpootjie | Hakabses | Toonabses |
|---|---|---|
| Affekteer meer as een poot. | Affekteer gewoonlik een agterpoot, maar enige poot kan geaffekteer word. | Affekteer voorpote, maar enige poot kan geaffekteer word. |
| Geen swelling. | Swelling wat gewoonlik die tone skei. | Min of geen swelling. |
| Geen etter wat uitkom, maar 'n swart-gryserige slymagtige vloeistof mag voorkom. | Uitskeidings van enige kleur. | Vloeistof kan uitgelaat word waar die pootjie geknip word. |
| Hoewe kan warm wees. | Warm op aanraking. | Kan warm wees. |
| Snye en swere het 'n aardige reuk en kan vol vlieë wees. | Snye en swere kan effens ruik, maar vlieë sal selde aanwesig wees. | Reuk teenwoordig, maar anders as by vrotpootjie. Vlieë kan aanwesig wees. |
| Versprei vinnig onder alle ouderdom diere, veral onder gunstige toestande. | Gewoonlik swaarder diere, bv. ramme en dragtige ooie. | Alle diere. |
| Geen snye in die koronêre vel nie, maar die sensitiewe binnehoring skei vanaf die harde buitehoring. | Absesse gewoonlik teenwoordig by die koronêre vel of die interdigitale vel. | Absesse gewoonlik onder die horing van voor op die toon. Kan 'n lyn vorm bo die koronêre band. In kroniese gevalle kan die voorste helfte van die sool van die res skei. |

Simptome Onder gunstige toestande versprei die siekte vinnig deur die kudde. 'n Hele aantal skape raak mank, staan op hul knieë en gaan lê. Dit word baie maklik opgemerk deurdat die dier se kop knik wanneer op die seer poot getrap word, of die dier trap glad nie op die poot nie. Hulle het pyn, vreet minder en verloor kondisie. Swakker wolproduksie kan ook voorkom. Een of al vier pote kan aangetas word. Aanvanklik is net die vel tussen die kloutjies aangetas. Die vel is rooi, natterig, ruik sleg en daar is 'n grysgeel smetterigheid wat voorkom. Net die kloutjie is geaffekteer in teenstelling met sweerklou, waar die pootgewrig ook geaffekteer word. Soos die vrotpootjie vorder, word die sool en buitenste

## Behandelingsopsies

- Selektiewe uitskot.
- Voetbad.
- Inentings (is nie in RSA beskikbaar nie).
- Antibiotika.
- Knip van hoewe.
- Opspuitmiddels en inspuitbare middels. In minder ernstige gevalle
- Bespuit kloutjie daagliks met ontsmettingsproei tot beter.
- Spuit antibiotika (tetrasiklien) vir drie tot vyf dae.

In meer ernstige gevalle (oorweeg egter kostes en moeite, want resultate is wisselvallig)

- Spuit jodiumtinktuur op die sweer areas van die kloutjie.
- Smeer akriflavien salf dik aan.
- Verbind met paraffiengaas en verbande en vervang die verbande elke tweede tot derde dag.
- Spuit antibiotika (tetrasiklien).
- Behandeling en genesing mag lank duur en dit is noodsaaklik dat aangetaste diere nie teruggaan trop toe alvorens hulle nie volkome genees het nie.
- Indien die skaap of bok nie reageer op behandeling nie, is dit beter om die dier uit te skot. Voetbad ’n Voetbad is ’n goedkoop manier om chemikalieë aan pote van ’n groot hoeveelheid diere toe te dien. Dit is belangrik dat daar op ’n droë dag gewerk word met ’n voetbad sodat die ná-dip-oppervlakte droog is. Laat diere eers deur skoon water loop voordat hulle in die behandeling voetbad ingaan. ’n Voetbad kan nie gebruik word om al die siektegevalle op te los nie, maar is die beste bestuurshulpmiddel in kombinasie met antibiotika en anti-inflammatoriese middels. Knip van hoewe is nodig om die effek van ’n voetbad te verhoog. Daar moet wel gelet word om nie te diep te knip nie. Nadat diere deur die ná-dip area teruggaan veld toe, is dit belangrik dat hulle na ’n vars (skoon), droë kamp gaan. Die diepte van die middel in die voetbad moet voldoende wees om die hoewe te bedek, dit wil sê tot waar die vel en die hoef bymekaar kom aan die bopunt. Skape sal omtrent 600ml elk van die voetbadoplossing verwyder deur die proses. Dit is belangrik om die voorgeskrewe toediening van elke produk te volg.

## Gebruik van ’n voetbad

- Verdeel die skape in drie groepe: skape met geen letsels, ligte letsels (telling van minder as 2) en ernstige letsels (telling meer as 2).
- Identifiseer alle faktore wat diere meer vatbaar maak en probeer hulle verwyder of verminder.
- Begin vroegtydig met voorkomingsmaatreëls. Die beste tyd is sodra daar meer vogtigheid teenwoordig is en die daaglikse temperatuur verhoog, met ander woorde in September in die somerreënvalgebiede.
- Diere met geen letsels kan een keer per maand deur ’n 10%-sinksulfaatoplossing (1kg sinksulfaat op 9 liter water) met ’n kontaktyd van vyf tot tien minute gaan. Tweede beste is 0,5% formalien (een deel formalien op 190 dele water) en ’n kontaktyd van ongeveer een minuut is dan nodig. ’n Jodiumoplossing van 7% kan ook gebruik word.
- Diere met ligte letsels moet weekliks deur ’n 10%-sinksulfaatvoetbad gaan. Voeg bietjie seeppoeier by om penetrasie te verhoog. ’n Kontaktyd van minstens 30 minute is nodig.
- Diere met erge letsels moet deur ’n 1% sinksulfaatvoetbad gaan met ’n kontaktyd van minstens 60 minute elke tweede dag tot beter. Behandeling met antibiotika en ‘n anti-inflammatoriese middel is gewoonlik ook nodig. Begin met ’n alledaagse antibiotika byvoorbeeld tetrasiklien of ’n sulfamiddel. Duur antibiotika sal egter nie kan vergoed vir swak bestuurspraktyke nie.
- Begin altyd met die geenletselgroep en doen die ergste aangetaste groep laaste.
- NB! Formalien is giftig en moet versigtig gehanteer word. Moet nooit diere met letsels deur formalien laat gaan nie, want dit sal permanente velskade veroorsaak en dus jou probleemgevalle verhoog.
- Ná die voetbad moet diere minstens 30 minute op ’n droë oppervlakte deurbring. Nadat die ergste aangetaste groep behandel is, moet die staanplek eers ontsmet word voordat minder erge of onaangetaste diere daarheen gebring word.
- Erg aangetaste groepe diere moet totaal van die onaangetaste en ligte gevalle afgesonder word.
- Indien daar erge aangetaste diere in ’n kamp geloop het, moet die kamp vir minstens vier weke gerus word voordat ander diere weer daar wei.
- Probeer om vleiagtige kampe te vermy in die gevaartye.
- Moet nooit huiwer om probleemdiere uit te skot nie. Identifiseer alle behandelde diere en hou rekord van alle behandelings: middel, dosis en wanneer hulle behandel is. Goeie rekords help nie net met seleksie van diere nie, maar ook met die keuse van antibiotika en beplanning vir die volgende maand en seisoen.
- As dit moontlik is, moet diere wat ná ’n maand nog nie herstel het nie of wat meer as drie keer in ’n seisoen behandeling moet ontvang,

uitgeskot word, veral ramme. Inherente immuniteit is oorerflik en aangesien ramme 50% van die genetiese waarde bydra, mag hulle nie probleemdiere wees nie.

- Dit is belangrik om alle diere ten minste twee keer per jaar te gradeer vir vrotpootjieletsels as dit 'n probleem op 'n plaas is. Dit kan saam met die voor-paring en speenondersoek gedoen word. Streng uitskot van probleemdiere sal vinnig help om probleme te verminder, aangesien inherente immuniteit teen vrotpootjie oorerflik is.
- 10% kopersulfaat kan ook gebruik word, hoewel daar die gevaar is dat dit die wol kan besoedel met aanraking. Dit verloor ook vinnig sy werking as dit met urine of mis gekontamineer word. Dus word dit nie algemeen gebruik nie aangesien dit selfs skape kan vrek maak, indien hulle dit drink.

Die voetbad self Meestal word 'n sementvloer met kante van so 15 tot 20cm gebruik vir die konstruksie. Maak seker die kante word so gebou dat die diere nie daarop kan staan en sodoende chemikalieë ontduik nie. Daar kan hekke aan weerskante van die bad geplaas word. 'n Dreinprop moet ook ingebou word. Probeer om 'n voetbad minstens ses meter lank te bou. Wol kan in die onderkant van die bad geplaas word om sodoende vermorsing van die middel deur spat te verminder, en dit maak ook die loop oppervlakte vir die skape meer aanvaarbaar.

## Volumebepaling van die voetbad

- **Vermenigvuldig lengte x breedte x hoogte om kubieke meter te kry.**
- **Neem hierdie syfer en x 1 000 om liter te kry, $1m^3$ = 1 000 liter.**

**Byvoorbeeld: Lengte = 8m Breedte = 3m Hoogte van chemikalieë = 55mm Volume = 8 x 3 x 0,055 = 1,32m3 of 1 320 liter**

Bepaal die houkapasiteit van die voetbad As ons aanvaar dat 'n skaap omtrent ⅓ m2 opneem, sal hierdie voetbad omtrent 72 skape kan hou. Area = lengte x breedte = 8 x 3 = 24m2 d.w.s. 24 / 0,33 = 72 skape

## Voorkoming

Voorkoming is beter as genesing Opsies waarna gekyk kan word om vrotpootjie te voorkom is:

- Korrekte voeding.
- Spuit van spoorminerale.
- Knip van hoewe.
- Diere wat ingekoop word vir 30 minute in 'n voetbad te hou, voor hulle tussen jou trop in beweeg.
- Vermy vlei-areas in die nat seisoen.



# Horizon

## DORPER & WITDORPERSTOET

**ONTHOU HIERDIE NAAM AS JY TOP GENE SOEK**

KONTAK ONS:

**Niekie Cilliers: 079 907 5744 | Roelie Le Roux: 082 395 3899**

**groenfontein2@horizonagri.co.za | Plaas Klipkoppies Polokwane**

**horizondorper** **horizondorpers**

# Inentingsprogram vir skape

Deur DR ARIENA SHEPHERD



| Siektes | Enting | Wanneer | Hoe | Opmerkings | Aanbeveling |
|---|---|---|---|---|---|
| Bloednier | Geïnaktiveerde entstof, enkel of gekombineerd met ander klostridium | Lammers: 6-10 weke, skraagdosis 4 weke later. Ooie: Jaarliks 4-6 weke voor lamtyd. Ramme: Jaarliks. | Onderhuids | | Roetine |
| Sponssiekte | Geïnaktiveerde entstof, enkel of gekombineerd | Lammers: 6-10 weke, skraagdosis 4 weke later. Ooie: Jaarliks 4-6 weke voor lamtyd. Ramme: Jaarliks. | Onderhuids | | Roetine |
| Bloutong | Lewend 3 dele | Lammers: van 3 maande. Ooie: ná lamtyd. Ramme: Ná paring. | Onderhuids, 3 weke uitmekaar | Moet nie ooie ent gedurende paring of dragtigheid nie. Ramme onvrugbaar vir 60 dae ná laaste enting. | Roetine |
| Klem-in-die-kaak (Tetanus) | Geïnaktiveerde entstof, enkel of gekombineerd | Lammers: 6-10 weke, skraagdosis 4 weke later. Ooie: Jaarliks 4-6 weke voor lamtyd. Ramme: Jaarliks. | Onderhuids | | Roetine |
| Ander klostridiale entstowwe (dikkop, sponssiekte, ens.) | Dooie entstof, enkel of gekombineerd | Lammers: 6-10 weke, skraagdosis 4 weke later. Ooie: Jaarliks 4-6 weke voor lamtyd. Ramme: Jaarliks. | Onderhuids | | Roetine |
| Miltsiekte | Lewend, enkel of gekombineerd | Voor 6 maande | Onderhuids | Verpligtend deur die wet op vee as daar 'n uitbreking is. | Roetine |

| Siektes | Enting | Wanneer | Hoe | Opmerkings | Aanbeveling |
|---|---|---|---|---|---|
| Lamsiekte | Geïnaktiveerde entstof, enkel of gekombineerd | Lammers: 6-10 weke, skraagdosis 4 weke later. Ooie: Jaarliks 4-6 weke voor lamtyd. Ramme: Jaarliks. | Onderhuids | Roetine in voerkrale. | Slegs wanneer hoendermis voer |
| Longontsteking (pasteurellose) | Verskillende tipes, enkel of gekombineerd | Lammers: 6-10 weke, skraagdosis 4 weke later. Ooie: Jaarliks 4-6 weke voor lamtyd. Ramme: Jaarliks. | Onderhuids | Moet regte kombinasie kies vir area. | Roetine |
| Corynebacterium pseudotuberkulose (kaasagtige limfknope) | Verskillende tipes, enkel of gekombineerd | Lammers: 6-10 weke, skraagdosis 4 weke later. Ooie: Jaarliks 4-6 weke voor lamtyd. Ramme: Jaarliks. | Onderhuids | Met uitbrekings ent elke 3 maande totdat probleem onder beheer. | Indien voorheen probleem |
| Slenkdalkoors | Lewend enkel | Voor 8 maande. | Onderhuids | Slegs een keer as lam. Herhaal ná 3 jaar indien siekte nog voorkom. | Sterk aanbeveling. |
| Brucella (Rev1) | Lewend enkel | 2-4 maande. | Onderhuids | Slegs ramlammers. Hanteer versigtig. Gevaarlik vir mense. | Stoetramme. |
| Ensoötiese aborsie (Chlamydophyla) | Lewend enkel | Ná 5 maande. Herhaal elke 2 jaar. | Onderhuids | Ten minste 4+ weke voor paring. Moenie dragtige ooie inent nie. Slegs ooie. Hanteer versigtig. Gevaarlik vir mense. | Indien enige probleme in verlede ervaar is. |
| Orf | Lewend enkel | Enige tyd. | In velskraap | Hanteer versigtig. Gevaarlik vir mense. | Slegs indien probleem op plaas is. |
| Blou-uier | Geïnaktiveerde entstof, kombinasie | Ooie: 6-8 weke voor lam met skraagdosis 2-4 weke voor lam dan jaarliks 4-6 weke voor lamtyd. | Onderhuids | | Indien dit 'n probleem is. |
| Johne se siekte | Geïnaktiveerde entstof, enkel | Volgens veearts voorskrif. | | Slegs in probleemareas met toestemming van staatsveearts.. | |





# Beheer Lintwurms vir beter lammergroei

Bron: https://agriorbit.com/beheer-lintwurms-vir-beterlammergroei/]

Lammers kan reeds op ‘n baie vroeë stadium met melklintwurm besmet raak. Die inwendige parasiet ontneem sy gasheer van voedingstowwe en belemmer optimale groei en winsgewende prestasie.

Die voorkoms van swak presterende boepenslammers by kleinvee kan grootliks aan besmetting deur melklintwurms toegeskryf word. Sulke besmette lammers groei swak, kom kroes voor en kan ook aan diarree ly. Besmetting Besmetting deur melklintwurm vind plaas wanneer lammers reeds vanaf n baie vroeë ouderdom aan grashalms begin peusel terwyl hulle rustig saam met ooie wei. Dit is aan sulke grashalms waar besmette grasmyte voorkom en dan toevallig saam met n peuselhappie van die lam, die spysverteringskanaal binnedring. Hierdie grasmyte word wêreldwyd aangetref. Gevolglik is die probleem van melklintwurmbesmetting ook eie aan plaaslike toestande waar dit op veld- en aangeplante welding voorkom. Grasmyte dien as tussengasheer vir die melklintwurm wat lammers vanaf ouderdom twee tot ses maande besmet. Ontwikkeling Die ryskorreltjies wat in die mis van lammers voorkom is volwasse segmente wat deur die volwasse melklintwurm afgeskei word. Die interessantheid van so n segment is dat dit beide die manlike- en vroulike geslagstelsel bevat om bevrugting van die eiertjies te laat plaasvind. So ’n segment bevat duisende bevrugte eiertjies. Wanneer ’n segment oopbreek, eet grasmyte die eiertjies waarna dit in die myt uitbroei en verder ontwikkel tot die besmetlike blaaswurmstadium. In die spysverteringskanaal ontbind die grasmyt as die lintwurm se groei in aanvang neem. Die groei begin vanaf die kop (skoleks) van die wurm en by volwassenheid kan ’n melklintwurm soms meters lank word totdat dit begin om volwasse segmente af te skei. Tekens van besmetting Indien misondersoeke deur ’n plaaslike veearts gedoen word, kan die driehoekige eiertjies onder die mikroskoop waargeneem word. Omdat lammers voortdurend besmette grasmyte opneem, lei dit tot groot getalle lintwurms wat in die dunderm van die lam vestig. Hierdie besmetting kan aanleiding tot diarree gee. Waar welding in ’n swak toestand is vermaer die lam, vertoon kroes en is lusteloos. Die uiteinde daarvan is ’n onaansienlike boepenslam wat swak presteer. Daar is baie min inligting oor die patologiese invloed van melklintwurms by lammers beskikbaar. Waarnemings deur boere toon egter dat die herstel van besmette lammers opsigtelik is indien tydige behandeling plaasvind. Daar is wel gevalle van vrektes waar ’n nadoodse ondersoek slegs ’n hoë besmetting van melklintwurm aangedui het en dit as oorsaak van die lam se dood geïdentifiseer is. Waar erge ladings van melklintwurm besmetting teenwoordig is lei dit tot ekonomiese verlies. Veral lammers wat toegelaat word om tot die boepensstadium agteruit te gaan, verg baie aandag en korrekte voeding sodat hulle kan herstel om winsgewend te kan wees. Behandeling en bestuur Al word lammers ontwurm, is hulle deurlopend aan herbesmetting blootgestel. Daarom is dit nodig dat ’n volgehoue bestuursprogram wat die beheer van melklintwurms insluit, toegepas word om die lammers toe te laat om optimaal te kan presteer. Lees van haarwurm. Wanneer lammers tussen vier en ses maande oud is, raak hulle gewoonlik vanself van melklintwurmbesmetting ontslae. Dit is gedurende hierdie tydperk dat lammers ook met die getande lintwurm besmet raak. Segmente van die twee onderskeie lintwurmspesies in die mis van lammers is baie moeilik van mekaar onderskeibaar en veroorsaak dikwels klagtes dat ’n produk wat vir die beheer van melklintwurm toegedien is, nie doeltreffende beheer verleen het nie. Die aard van besmetting is dan gewoonlik dié van getande lintwurms. Gebruik ’n wye spektrum middels soos Bayer se Lintex-1 wat drie spesies lintwurm, naamlik melklintwurm, getande lintwurm en dunlintwurm asook peervormige maagslak wat by lammers voorkom, doeltreffend beheer.




23rd ANNUAL AUCTION:
23 February 2023
N.Cape Dorper Club Course:
13-16 February 2023

(bred extensively)
Hard Work and Decisive Planning +
20 Years Performance Data =
Functional Sheep

John Daniel: 082 552 2933 | elhpdan@gmail.com

Lucasdam Dorpers




# *Fokus* op die versorging van LAMMERS

Lamvrektes is 'n aspek wat menigte boerderye baie geld kos! Die meeste lamvrektes vind plaas tydens geboorte, kort na geboorte of in die eerste paar dae na geboorte. Daar is in baie boerderye 'n beginsel dat daar nie gesukkel moet word met swak lammers nie en die argument bestaan dat daar dan geteel word vir swakker diere. Die argument het meriete, maar netso is daar in baie gevalle eksterne faktore wat verantwoordelik is vir die swak lam en het dit niks met genetika te doen nie. Maak seker die ooi word goed gevoer en dat sy met spesiale sorg hanteer word gedurende die dragtigheidsperiode, sodat 'n sterk lam daardeur verkry kan word. Indien 'n verswakte lam aan sy eie heil oorgelaat word en vrek kry die Boer niks in ruil vir die onkoste en sorg wat hy in die dragtige ooi belê het nie. Dit is baie belangrik om te besef dat 'n lam nie alleenlik beskou word as 'n lam met min waarde nie, maar jy moet eerder die potensiaal in die lam sien wanneer dit groot is. Daardie klein lammetjie gaan grootword en vir jou 'n inkomste lewer. Daarom is dit uiters noodsaaklik om elke lammetjie ordentlik te versorg.

Van die mees algemene probleme wat voorkom by swak of kwesbare lammers, is verkluiming en/of verhongering. Jong ooitjies wat die eerste keer lam, is baie onervare en nie opgewasse vir die taak van lammers versorg nie. Die geboorteproses is vir hulle so traumaties dat hulle direk daarna terugkeer na die veiligheid van die kudde toe en die lam net so los. Ander is wel besorg oor die lam maar weens onervarenheid sal hulle versuim om die lam skoon te lek en toe te laat om te drink. Sulke lammers sal dan half of heel verkluim gevind word, dikwels opsigtelik dat hulle nie skoon gelek is nie. Ou, slyt-ooie wat nie meer behoorlik kan eet nie, het onvoldoende melk en bies. Alhoewel hulle die pasgebore lam sal versorg en beskerm, verhonger die lam stelselmatig weens te min melk en sal gesien word waar hulle met krom rug en plat lyf staan en kerm- en blêr geluide maak. Klein lammetjies, minder as 2kg geboortegewig, is redelik swak en sal sukkel om by die uier uit te kom en die eerste belangrike bies en melk te kan drink. Lammers sal kerm- en blêr geluide maak en lyk of hulle drink maar kry dit nie heeltemal reg nie. Tekens om na te kyk of die lammers behoorlik en suksesvol suig, is die lam se stertjie wat swaai, skuim om die mondhoeke en die ooi se spene is mooi skoon van die suig aksie. Indien genoeg tyd spandeer word om te kyk of die lam suksesvol drink, kan letterlik gesien word hoe 'n "plat" lam verander indien dit suksesvol genoeg melk inneem. 'n Bietjie aandag aan 'n swak lam laat hom baie gou positief reageer en is sommer gou sterk om op sy eie aan te gaan. Ekonomies is dit tog die moeite werd om die ekstra sorg in hierdie lammers in te sit.

Bron: www.boerboksa.co.za



# Bemark lammers VINNIGER

Deur MARI LUYT Tegniese Voedingskundige Veekos
www.veekos.co.za

Skape is herkouers met vier verskillende verteringsorgane, naamlik die rumen (grootpens), die retikulum (blaarpens), die omasum en abomasum (melkpens). Die rumen is die heel belangrikste verteringsorgaan en dit gee vir hulle die vermoë om minder verteerbare voedingstowwe te benut. Wanneer die lammers nog klein is en soog aan hulle moeders is hulle rumen nog nie baie ontwikkeld nie en gebruik hulle meestal die abomasum (melkpens) as hoof verteringsorgaan. Die rumen ontwikkel as die lam begin veld of voer inneem. Die ontwikkeling daarvan is nie net vir die herkouer self belangrik nie, maar vir die boer ook. ‘n Swak ontwikkelde rumen sal nie voedingstowwe so goed verteer en absorbeer soos ‘n goeie ontwikkelde rumen nie. ‘n Dier met ‘n swak ontwikkelende rumen sal dus swakker groei en presteer as ‘n dier met ‘n goeie ontwikkelende rumen op dieselfde tipe voer. Ontwikkeling van die rumen, by ‘n jong lam, sal begin met die oordra van rumen bakterieë deur kontak van ander herkouers. Vrye toe-gang tot water en voer of weiding sal veroorsaak dat die rumen ook begin ontwikkel. Dit is belangrik vir goeie rumen gesondheid dat die rumen spier volledig ontwikkel en kan saamtrek, want daardie bewegings help met vertering. Growwe materiaal (vesel) soos gras en droë lusern help met die ontwikkeling van die rumen spier. Dit is ook belangrik dat die rumen papillae (vingeragtige uitgroeisels op die oppervlakte van die rumen, ook bekend as villi) goed ontwikkel is, want dit is hierdie papillae se rol om voedingstowwe vas te vang en af te breek. Hoe langer en digter die papillae is, hoe beter sal die rumen die voedsel kan verteer. Hierdie papillae ontwikkel met die teenwoordigheid van stysel soos mielies en kleingrane. Dus is dit van kardinale belang dat lammers van jongs af genoeg vesel en stysel in neem om die rumen tot volwassenheid te ontwikkel. Kruipvoer is dus ‘n produk wat geformuleer is vir lammers om aan hierdie vesel en stysel behoefte te voldoen vir optimale rumen funksie. Tesame met hoë gehalte deurvloei proteïene vorm dit die perfekte produk om lammers se rumens te ontwikkel en daardie hupstoot te gee sodat hulle vinniger kan groei.

**Indeling van die verteringsorgane:**

| **Orgaan** | **Volwasse, %** | **Pasgebore, %** |
|---|---|---|
| Rumen | 55 | 29 |
| Retikulum | 7 | 6 |
| Omasum | 24 | 14 |
| Abomasum | 14 | 51 |


SA SAALPERD
DORPER
Angus
Compion
www.martincompion.co.za
Martin Compion: 083 259 5217 | Martin Jnr 071 738 2759
white1@mweb.co.za

# 2023 PRODUKSIEVEILINGS:

**20 Mei - Rustenburg**
**3 Augustus - Upington**
**19 Augustus - Bona-Bona, Klerksdorp**
**22 September - Springbok**
**11 Oktober - Kuruman**

Alle ramme vir Brucella Ovis skoon getoets.
Alle diere is vrugbaar getoets. SOOS ALTYD!
**Doseer geskiedenis:** One Shot Ultra, Multivax P Plus, Solution 3.5



Kruipvoer word al vir lammers gegee as hulle so jonk soos 10 dae oud is. Hulle vreet baie min korrels in die begin, soos wat die rumen ontwikkel, en vreet 'n gemiddeld van 250g kruipvoer per lam per dag. Lammers word vinniger en makliker van hulle moeders gespeen as hulle kruipvoer ontvang het omrede hulle sterker is met meer volwasse rumens.

Die kruipvoer kan vir twee weke na speen nog steeds gegee word om speenskok te verminder sodat hulle nie massa verloor nie. Jong lammers het die heel beste voer omset verhouding van 1:1 tot op 42 dae. Dit beteken dat hulle vir elke 1kg voer ongeveer 1kg massa sal optel. Dus hoe vroeër die lam gevoer word hoe meer effektief kan hulle die voer omsit in massa en dit is meer ekonomies vir die boer.

| Ouderdom (dae) | Massa (kg) | Voeromsetting (kg voer : kg vleis) |
|---|---|---|
| 0 - 42 | 4.5 - 15 | 1 : 1 |
| 42 - 60 | 15 - 20 | 3 : 1 |
| 60 - 80 | 20 - 25 | 3.5 : 1 |
| 80 - 100 | 25 - 30 | 4 : 1 |
| 100 - 120 | 30 - 35 | 4.5 : 1 |
| 120 - 140 | 35 – 40 | 5 : 1 |
| 140 - 160 | 40 - 45 | 5.5 : 1 |

Herkouers wat dus 'n goeie kruipvoer ontvang met die regte hoeveelheid stysel en ruvoer sal dus optimale rumen ontwikkeling hê. In 'n studie waar lammers op 12 weke gespeen is, het een groep kruipvoer ontvang terwyl hulle by hulle moeders soog, en die ander groep het net die melk van hulle moeders ontvang. Die groep wat kruipvoer ontvang het se rumen was al 82% van sy totale grootte ontwikkel terwyl die ander groep net 70% ontwikkel was. Lammers kan nou gemaklik op twee maande ouderdom gespeen word op 26kg, met 'n goeie ontwikkelende rumen wat al klaar aangepas is tot voer. Die lammers kan na 'n voerkraal geskuif word vir ongeveer nog 36 dae en die boer het die keuse om Kruipvoer korrels ook te gee vir die afrondingsfase of om 'n goeie Afrond korrel te gee. Die lammers sal nie sukkel met aanpassingsprobleme nie, omrede hulle al reeds styselagtige diëte gewoond is, en omdat hulle nog jonk is, sal hulle vinnig groei en het hulle 'n beter voer omset verhouding van 3.5:1 teenoor 'n 5 maande oue lammers wat 'n 5.5:1 het. Hoe jonger die lammers is, hoe beter is die uitslag persentasie omrede die organe nog klein is, relatief tot hulle liggaamsgewig. Die heel vinnigste manier om lammers af te rond vir bemarking is om vir hulle Kruipvoeding te gee van 10 dae ouderdom af, om hulle vroeg te speen op ongeveer twee maande en dan in die kraal af te rond.

# GENERAL *managing* PRACTICES



Creep feeding practice (Feedmaster Creepfeed Pellets) Lambs possess the ability to double in their birth weight within two weeks after birth, and then they can grow 150 g - 450 g per day until the age of four months. As a result, lambs can reach 50% of their first year's body weight within three months. This will only happen if the lambs are from a herd possessing a high genetic growth potential, if the ewes can produce enough milk, and if there is enough feed for the lambs. Creep feeding is thus an important practice if one of the abovementioned factors is your goal and if your pasture does not fulfil the needs of the lambs. The creep feeding of lambs has the following benefits:

- Lambs who arrive on poor pastures, such as during a drought, can reach weaning weight earlier
- Lambs can be weaned early to bring about a faster lamb frequency in the ewes
- Multiple-birth lambs that have to share a limited supply of milk will grow better
- Lambs can directly be rounded in a feedlot (voerkraal) without adaptation The economy behind creep feeding
- Creep feeding is only economic if enough creep feed is consumed to stimulate growth
- Intake should average at 250 g per day from the age of 20 days to weaning age
- However, lambs should only be weaned if their digestive tracks are sufficiently developed (6 - 8 weeks), so that there will not be any delay in growth tempo
- Feed intake (>250 g per day), not body weight, must thus serve as measure, seeing that lambs with high growth tempos can reach weaning mass before the rumen has developed sufficiently
- Creep feeding must at first not be supplied in self feeders ad lib., because it leads to significant waste due to the initially low intake of the lambs, and because lambs prefer fresh feed
- Through putting the creep feed in the bowls daily and removing the old feed, the lambs will sooner learn to eat and it will increase their intake; as the lambs eat better, ad lib.-feeding can be applied
- Creep feeding reduces the weaning shock of the lambs and limits the weight loss of lactating ewes, which should increase their following lamb percentage.

  Requirements for creep feeders (Feedmaster Creepfeed pellets)

- Except for the prescribed specifications the creep feeder must adhere to, it must also be good-tasting and in an acceptable form to ensure sufficient intake; soybean meal, lucerne and molasses (syrup or meal) enhances the taste, while a pelleted diet will ensure the best intake
- For the prevention of urinary calculi (the formation of small stones in the urinary tract) in rams/hamel lambs, it must also contain adequate ammonium salts Adaptation of animals on finishing diets Adaptation of sheep on finishing diets for ad lib.- feeding
- Provide 100 g of the finishing diet in conjunction with sufficient roughage for the first day
- Increase with 100 g per day until the ad lib. nutrition level is reached
- If lactation occurs before the end of the adaptation period, the animals must be adapted at a slower rate over a longer period of time
- It is important to stay on the same finishing diet for the whole feeding period.

Feedmaster: Company Information PO Box 20276, Windhoek Tel: 061 218 713 Fax: 061 262 056 PO Box 55, Upington Tel: 054 331 1351 Fax: 054 332 5959 info@feedmaster.com.na





# HOW TO prevent & treat *Flystrike* IN SHEEP

It's something that no shepherd wants to see. You walk out to the sheep. There, you find your lamb, ewe, or ram covered in maggots, flies, and open sores. Flystrike is one of those diseases that can strike incredibly fast. There are multiple types of flystrike that can threaten your flock. However, all can be deadly and extremely expensive to manage.

## WHAT IS FLYSTRIKE?

Put your sandwich down – this is not the article to read on your lunch break! Flystrike is a condition caused by flies laying eggs on the skin of a sheep's flesh. This disease is not exclusive to sheep (it can also happen to rabbits and essentially any other animal with hair, fur, or wool).However, this article will primarily discuss sheep. Sheep, in fact, are some of the most commonly affected animals because their damp, dirty wool attracts flies.

What happens after the flies lay their eggs is not pretty. The eggs hatch into maggots (larvae), who then eat the sheep's flesh, causing serious sores. These can become severe enough to kill a sheep or can lead to secondary infections that also become fatal.

Flystrike presents itself in several ways. Unlike many other sheep diseases, which can easily be confused with similar ailments, it's almost always obvious when flystrike is the culprit wreaking havoc on your flock.

The first sign you will likely notice is, of course, the flies surrounding your sheep or the maggots themselves. You may notice the flies first and then, upon further inspection, find the maggots burrowed beneath the wool. It's most common on sheep who have not been shorn in a while. You may have to dig deep in order to find the larvae.

However, there are other clues you might get that your sheep aren't feeling 100%. For example, he might be actively seeking out shade, fidgeting, or acting lethargic. He may suffer from a loss of appetite or have blackened fleece (caused by discharge from the sores). His wool may fall out and you may find large open sores.

Often, these sores are located on the rear of the sheep, on his feet, or above his shoulders, although they can be anywhere.

## WHAT CAUSES FLYSTRIKE?

### Certain Types of Flies

Flystrike is caused by a number of fly species, but the most common one that wreaks havoc on sheep is the blowfly. This fly initiates most strikes, but other fly species include hair maggot flies, lesser brown blowflies, and other fly species.

Reserwe Senior Kampioen Dorper Ram, Ashley & Mickey Phillips (Mickey Phillips & Son Dorpers) en Kobus Stapelberg van King Price



Senior Dorper Ram, Ashley & Mickey Phillips (Mickey Phillips & son Dorpers) prys deur Myalan Wiese namens BKB oorhandig



Reserwe Kampioen Wit Dorper Ram: Hardus Korb, prys deur Kobus Stapelberg van King Price oorhandig



Reserwe Junior Kampioen Dorper Ram, Ashley & Mickey Phillips (Mickey Phillips & Son Dorpers) en Willemse Visser, Dorperland Dorper Klub Voorsitter



Reserwe Junior Kampioen Dorper ooi, Hendri van Wyk Snr, Danie Retief, Standard Bank


BKB
FNB
FS FARMSPACE
ONS PRAAT BOER
PHOTOGRAPHY & VIDEOGRAPHY
WEBSITE DESIGN & OPTIMIZATION
DIGITAL MARKETING
DORPERS VERSEKER DIE TOEKOMS




BKB






GWK
MOLATEK


BKB
DORPER
MOLATEK


BKB
BKB
CORE
BKB
BKB
BKB






DORPER
Sheep Breeders Society of South Africa




DORPER
Sheep Breeders Society of South Africa






DORPER











BKB




GWK







zoetis
BKB
BKB
BKB




BKB
BKB


FEEDCO


BKB
WWW.BKB.CO.ZA
RAMSEM
RAMSEM
RAMSEM
BKB
WWW.BKB.CO.ZA





BKB.CO.ZA


WWW.BKB.CO.ZA
RAMSEM

Ek is sekerlik die laaste persoon om te sê ek weet hoe moeilik moes die afgelope jare se droogte vir boere gewees het. Natuurlik het ek al die stories (wat werklikhede is en nie eintlik “stories” genoem kan word nie) gehoor hoe menigte boere baie moes afskaal. Nie net wat die aantal diere op hul plase betref nie, maar ook hul lewensstandaard. Soms het ek net my kop in ongeloof geskud as ek moes luister hoeveel geld boere moes spandeer aan voer, net om hulle diere aan die lewe te hou. Ek het groot agting vir elkeen wat deur die droogte moes probeer kop bo water hou! Ek is saam met u bly en dankbaar vir die huidige beter omstandighede.

Behalwe droogtes, is prysskommelings van ons produkte ‘n faktor wat boere finansieël baie beïnvloed, m.a.w. die prys per kilogram wat boere vir hul lammers kry, kan maak of jou begroting klop al dan nie.

Soms is ons geneig om begrotings op te stel deur die “best case scenario” te gebruik en nie die “worst case scenario” nie. Dit wil sê as lammers se pryse R100/kg is, dan kan ons mos ‘n inkomste van R1800 per lam verwag en met 500 bemarkbare ramlammers per jaar ‘n inkomste van R900,000 realiseer.

Bogenoemde scenario is baseer om 1000 ooie met ‘n 100% speenpersentasie en dat alle lammers wat gespeen word, grootgemaak word tot hulle bemark kan word.

Die probleem is egter dat wanneer ons almal baie lammers het om te bemark, die pryse weer na byvoorbeeld R80/kg val en dan kry ons vir dieselfde 500 bemarkbare lammers hierbo, slegs R720,000 oftewel R180,000 minder as waarvoor ons begroot het.

Daar is baie teorieë waarom pryse styg en val, maar die grootste enkele faktor is steeds vraag en aanbod. Vleisinvoere en uitvoere speel verseker ook ‘n rol, wat ‘n ooraanbod of ‘n tekort veroorsaak. Interessant genoeg sal beesvleis se pryse van een week na ‘n volgende week verskil, omdat dit byvoorbeeld gereën het oor ‘n groot area en boere kon nie in die nat veld hul beeste bymekaar maak om te bemark nie. Varkpryse het al gestyg net, omdat beespryse “ook gestyg” het. Dan is daar natuurlik van die groter kettingwinkels wat verskaffers eenvoudig net dwing om pryse laer te maak.

So tyd gelede praat ek met ‘n groot vleisverspreider van skaap, bees en vark wat onder andere aan 40 winkels van ‘n bekende winkelgroep lewer en tot my verbasing sê die persoon vir my dat hulle vir daardie week slegs 120 lammers altesaam aan die 40 winkels gelewer het. Dit is gemiddeld 3 lammers per kettingwinkel. ‘n Paar dae later loop ek deur die rakke van ‘n groot kettingwinkel se slaghuis en dit was onrusbarend dat lam- en skaaptjops nie eens 10% rakspasie gehad het nie. Moet nie vergeet dat die verbruiker ook onder groot finansiële druk is nie en dat hulle in moeilike tye ‘n alternatief koop wat meer bekostigbaar is. Gelukkig is Suid Afrika steeds ‘n netto invoerder van skaap- en lamvleis met ongeveer Agt Honderd Duisend Ton skaap en lam wat jaarliks ingevoer word. Dit beteken dat daar meer verbruikers vir ons produk is, as wat ons binnelands produseer.



- ATTIE WESTRAAD

# Dink BIETJIE hieroor na

Met die ondervinding en kennis wat ek van "retail business" het weet ek dat kettingwinkels omset gedrewe is en hoe vinniger hulle produkte kan verkoop hoe beter is "product turn over per year". Kettingwinkels se winsgewendheid is baseer op hoe vinnig hulle 'n produk kan "draai". As jy byvoorbeeld Twee Miljoen Rand (R2 000,000) se voorraad aanhou en jou omset is Een en 'n Half Miljoen Rand (R1 500 000) per maand, dan "draai" jy jou voorraad nege (9) keer per jaar. As jy jou voorraad twaalf (12) keer per jaar gedraai kry, doen jy baie goed! Winkeleienaars wil voorraad so veel as moontlik per jaar "draai" want dan is die winkel meer winsgewend. Reeds daarom sal hulle meer rakspasie gee vir produkte wat die vinnigste "draai". Dit was vir my onrusbarend om te sien hoeveel rakspasie kettingwinkels aan skaap- en lamvleis deesdae afstaan, want dit beteken dit verkoop nie vinnig genoeg nie. Ek het baie mense al hoor sê dat kettingwinkels se pryse op vleis te hoog is, en in sekere gevalle is dit wel so, maar ek weet ook vir 'n feit dat meeste slaghuise in kettingwinkels op 'n bruto wins van 30% werk en baie gelukkig is as hulle 10% netto wins maak. Ek weet byvoorbeeld van 'n bekende kettingwinkel wat se bruto wins op hul vleismarkte slegs 17% en dat hul vleismark teen 'n netto verlies werk. Natuurlik maak hulle die verlies van hul vleismark elders in die winkels op.

U kan moontlik vra, wat het dit met die boer/produsent te make? Wel die eerste ding wat in my gedagtes opkom is, absoluut niks, want boere/produsente het geen beheer oor wat met hul produk gebeur, sodra jy dit aan die voerkraal of abattoir verkoop het nie. Ons kan net beheer wat in ons hande is...... op ons plase.

Volgens my is daar verskeie maniere om die probleem aan te spreek, soos byvoorbeeld om na elke jaar se statistieke te gaan kyk, want die jaarlikse grafieke van lampryse verskil nie wesenlik van jaar tot jaar nie, alhoewel daar uitsonderings is. Om lammers gereed te hê wanneer die pryse normaalweg hoër is beteken dat boere hul paarseisoene moet aanpas en dit is nie altyd wesenlik of moontlik nie.

Elders in die joernaal is daar 'n artikel wat Mnr Izak Nel geskryf het en volgens hom is 'n lampersentasie van 135% en meer, maklik haalbaar as jy die bestuurspraktyke toepas soos genoem in sy artikel. As die jaar se Dorpernuus 'n tema moes hê sou dit wees "Bestuur beter" om meer geld te maak, want bestuur is in jou hande.

Dink bietjie hieroor na.......

As jy een van die boere is wat nie deurentyd goeie bestuurspraktyke toepas nie, is jy dalk ook iemand wat net 100% lammers bemark in plaas van 135%.

Met die scenario soos vroeër genoem in die artikel van iemand wat met 1000 Dorpers boer en 500 ramlammers/hamels bemark en daarom R180,000 per jaar minder inkomste genereer, as gevolg van prysskommelings kan jy baie maklik die R180,000 opmaak deur jou reproduksie te verhoog. Boere is meeste van die tyd prysnemers en nie prysmakers nie, maar jy kan wel jou reproduksie verhoog deur goeie bestuurspraktyke toe te pas en sodoende sal prysskommelings van lammers jou baie minder afekteer.

Sien hieronder 'n paar scenario's wat die finansiële inpak van beter reproduksie illustreer.

| Aantal ooie | Speen persentasie | Aantal ram lammers | Aantal ooi lammers | Prys per 18kg lam teen R80/kg | Inkomste uit ramlammers |
|---|---|---|---|---|---|
| 1000 | 100% | 500 | 500 | R 1 440 | R 720 000 |
| 1000 | 110% | 550 | 550 | R 1 440 | R 792 000 |
| 1000 | 120% | 600 | 600 | R 1 440 | R 864 000 |
| **1000** | **125%** | **625** | **625** | **R 1 440** | **R 900 000** |
| 1000 | 130% | 650 | 650 | R 1 440 | R 936 000 |
| 1000 | 135% | 675 | 675 | R 1 440 | R 972 000 |
| | | | | **Prys per kg R100** | |
| 1000 | 125% | 625 | 625 | R 1 800 | R 1 125 000 |

Met 'n speen persentasie van 125% in plaas van 100% sal jy dieselfde inkomste vir jou ramlammers/ hamels kry teen R80/kg as wat jy so kry met 100% speen teen R100/kg. R100 per kilogram is die uitsondering op die reël, R85 per kilogram is die meeste van die tyd 'n realiteit.

Dink bietjie hieroor na........ **Goeie bestuur is in ons elkeen se hande, markpryse is nie, is dit nie tyd dat ons oor ons eie lot besluit nie?**



# Nampo
## 2022

Na 2 jaar wat Nampo nie kon plaasvind as gevolg van Covid regulasies nie het ons weer 2022 die Dorperras te Nampo verteenwoordig.

Soos die gebruik was die afgelope jare waar klubs om die beurt diere kon uitstal by Nampo en gehelp het om die stalletjie te beman, was dit die jaar Overvaal en Bosveld klub se beurt om by Nampo deel van die Dorperuitstalling te wees.

Die Dorpers en Wit Dorpers was onderskeidelik deur Jowilize Dorpers (Elize Visser) en Jowel Wit Dorpers (Joanne Visser) uitgestal, vergesel deur Jacob Ratsoeu (JR Dorpers) van Overvaal Dorperklub.

Nampo was die jaar 1 dag langer as vorige jare en dit het beteken dat ons die stalletjie (met 2 jaar se stof ensovoorts) reeds Sondag moes skoonmaak en gereed kry, vir die besoekers wat Maandag reeds deur Nampo se hekke sou stroom.

Colene vd Merwe en haar dogter Lientjie het ons ook kom help en dus was daar altyd iemand wat besoekers se vrae kon antwoord.

Nampo was nie heeltemal so besig soos vorige jare nie en met baie mense wat nog Covid 19 opgedoen het, kon mens dit verstaan.

Dit was lekker om saam met almal die stalletjie by Nampo te beman, dankie aan elkeen wat betrokke was by Nampo 2022.





*Joanne, Jacob en Elize staan gereed om die besoekers te help*



*Danksy die dames het ons stalletjie die jaar 'n "womans touch" gehad*



*Colene, moet die lammetjie regtig lipstiffie aan hê?*



# Bosveld DORPERKLUB

**1. LEDETAL & GROEI IN LIDMAATSKAP:**

Huidige ledetal van Bosveld Dorperklub is 29.

**2. BYWONING VAN KLUB AJV:**

Die Algemene Jaarvergadering is hierdie jaar gehou op 24 April 2022, 16 lede het dit bygewoon en 4 het verskoning gevra.

**BYWONING VAN GENOOTSKAP AJV - 3 NOVEMBER 2021:**

Hierdie vergadering is bygewoon deur ons voorsitter, Kobus Potgieter en 2 bestuurslede.

**3. KURSUSSE:**

'n Junior/Seniorkursus was gereël vanaf 10 tot 13 Mei 2022 maar moes weens onvoorsiene omstandighede gekanselleer word.

**4. KARKASKOMPETISIES:**

Geen Karkaskompetisies is aangebied nie.

**5. MINI KURSUS / DORPERDAE / KUDDESKOUE**

Geen.

**6. KUDDEKOMPETISIES**

Gedurende die afgelope jaar is geen kuddekompetisie gehou nie.

**7. GROEI IN VEILINGSOMSET**

Castle de Wildt, Modimolle — 14 Augustus 2021

Op 14 Augustus bied die klub 'n veiling aan. Tussen die telers is 27 Dorperramme en 78 ooie, 18 Witdorperramme en 38 ooie aangebied. Daar is egter net 96 diere verkoop met 'n omset van R720 500,00 wat 'n gemiddeld van R7505,00 per dier is. Gedurende 2020 se veiling is 144 diere verkoop met 'n omset van R755 750,00 wat 'n gemiddeld is van R5248,00. M.a.w. 'n gemiddelde verhoging van R2300 per dier.

Polokwane veiling - 12 November 2021

Op hierdie veiling is 20 Dorperramme en 95 ooie, 15 Witdorperramme en 21 ooie ingeskryf. 48 Diere is verkoop met 'n omset van R269200,00 wat 'n gemiddeld is van R5608.00. Op 12 November 2020 was 108 diere vir R682 000.00, wat 'n gemiddeld geen van R6314,00 wat hier 'n verlaging in die prys is.

**8. DEELNAME AAN SKOU - 11 & 12 AUG 2021 te Castle de Wildt, Modimolle**

Op 11 & 12 Augustus 2021 bied ons die Kampioenskappe aan en 9 telers het ingeskryf hiervoor met 'n totaal van 158 diere.

**9. ALGEMEEN**

**9.1 Kommunikasie met kantoor deur die jaar -**

Goeie samewerking vind plaas in ons klub asook met die Genootskap.

**9.2 Nakoming van reëls.**
**9.3 Bydrae vir Dorpernuus**
**9.4 Oorspronklikheid**

**10. Uitvoering van die projek van die jaar.**

Ons wil die Genootskap bedank vir al hulle hulp, bystand en raad deur die jaar.

DE WET VAN WYK - Voorsitter

**VOORS.:** De Wet van Wyk
083 654 8869
zbfeeds@lantic.net

**SEKR.:** Annetjie van Wyk
063 546 2005
annetjievw@lantic.net

2022

# JAARVERSLAG NOORDKAAP KLUB



Saamgestel deur: Anja Meintjes - Sekretaresse
Voorgelê aan: Die Genootskap

# 1. LEDETAL & GROEI IN LIDMAATSKAP

NoordKaap Dorperklub het tans 27 aktiewe lede. Ons het in April 2021 afskeid geneem van die legendariese Oom Theuns Botha. Daar het in die afgelope jaar 2 nuwe lede bygekom.
Die NoordKaap klub is ook bevoorreg om die oudste aktiewe boer in die NoordKaap as lid van ons klub te hê. Oom Robbie Meintjes is al sedert die bestaan van die klub 'n lid. Die klub is gestig op 17 Julie 1959. Die NoordKaap Klub is dan nou 'n volwaardige 63 jaar oud.

# 2. BYWONING VAN KLUB AJV 2022

Die klub se AJV is in 2022 bygewoon deur 11 lede endaar is 4 verskonings ontvang.
Die jaarvergadering het hierdie jaar plaasgevind tesame met Griekwastad se skou.
Ten spyte van beurtkrag wat veroorsaak het dat ons met selfoonligte moes vergader, het alles in goeie gees verloop. Almal het deur die loop van die dag by die skou saam gekuier. Daar is ook 'n vingerete aangebied na die vergadering.

# 3. BYWONING VAN GENOOTSKAP AJV 2021

6 Lede het in 2021 die AJV van die Genootskap bygewoon.



# 4. KARKASKOMPETISIE

Op 11 Mei 2022 het Laer Langberg Landbouvereniging, in samewerking met NoordKaap Dorperklub hul jaarlikse slaglam kompetisie en Kuddeskou aangebied.

Daar was ongeveer 140 lammers wat deelgeneem het aan die karkaskompetisie. Verskeie boere in die streek het deelgeneem, maar die klub se lede het koning gekraai.

Eksteen Kotzè het die eerste prys ontvang vir die enkel- en groep klas.

BLAAI OM






**2022 Kampioen Groep**

Patrick Neels
Samic



**2022 Kampioen Karkas**



**2022 Reserwe Kampioen Groep**

Patrick Neels
Samic

# 5. KURSUSSE

## Hoërskool Douglas

Hoërskool Douglas het 'n versoek aan die klub gerig om 'n junior kursus aan te bied vir hulle landbou leerders. 41 leerders het die kursus bygewoon. Nie al die leerlinge het geslaag nie, maar hulle het dit baie geniet om meer van die Dorperras te leer.

**Hoërskool Douglas se graad 10 en 11 Landbouleerders het die voorreg gehad om gedurende 25-28 Oktober 2021 'n baie goeie Dorperskursus, wat deur Mnr. Koenie Kotzé van die Dorperskaaptelersgenoodskap aangebied is, by te woon.**

**Die leerders het baie geleer tydens die 4 dae en 'n groot liefde vir die ras is beslis by hulle gekweek.**

**Die opkomende landbouleerders sien baie uit na die volgende kursus!**

**Baie dankie vir die geleentheid!**
**HSD Landbou groete**











"Time spent amongst sheep is never time wasted"

BLAAI OM

## Dorperkursus te Lucasdam Postmasburg

In Februarie het die klub ons jaarlikse Dorperkursus aangebied.
Kursusgangers het van regoor die land opgedaag. Daar was 15 junior kursusgangers, waarvan 14 eksamen geskryf en geslaag het. Die senior kategorie het 14 inskrywings gehad. Al 14 het geslaag. Die groep het baie lekker saamgewerk, dit was 'n gesellige storie! Elize moes behoorlik bontstaan met kos en om te sorg dat almal slaapplek het. Ons is dankbaar vir 'n paartjie soos die Daniels wat aan die stuur van ons klub is.
Die getroue kursusleiers, Japie Oberholster vir Seniors en Colene Grevelink, vir Juniors was op hulle pos. Die kursusgangers het dit baie geniet en die samesyn op die WhatsApp groep was aansteeklik. Hier is 'n paar foto's van die geleentheid.











## Beoordelaarseksamen te Postmasburg

Die NoordKaap Klub was baie bevoorreg om hierdie jaar 'n nominasie vir die beoordelaars eksamen te ontvang.
Die beoordelaarseksamen is na afloop van die Klub se Dorperkursus op Lucasdam gehou. Marina Kotzè van die NoordKaap Klub het haar eksamen geskryf en ook geslaag. Ons gelukwense aan haar.

BLAAI OM

# 6. KUDDEKOMPETISIES

## Laer Langberg Landbouvereniging Postmasburg

Laer Langberg Landbouvereniging het vanjaar tesame met hulle slaglam kompetisie ook 'n kuddekompetisie gehou. Baie lede van die NoordKaap Klub het aan die kompetisie deelgeneem en goeie resultate behaal. Die resultate is hiernaas.

**Ooi 2-4 tand**
1ste Roelf Coetzee
2de John Daniel
3de TJ Snijman
4de Charl Viljoen
5de Roelf Coetzee

**Groot Kampioen Ooi**
Kampioen Eksteen Kotze
Reserwe Kampioen Roelf Coetzee

**Ooilam <40kg**
1ste Roelf Coetzee
2de TJ Snijman
3de Roelf Coetzee
4de John Daniel
5de Roelf Coetzee

**Ooilam >40kg**
1ste Eksteen Kotze
2de Eksteen Kotze
3de Eksteen Kotze
4de Eksteen Kotze
5de TJ Snijman







# 7. GROEI IN VEILINGSOMSET

2021 – R13 217.50

2022 – R44 596.75 (tot einde Feb 2022)





## 7.1 HARDUS KORB WITDORPERSTOET


### HARDUS KORB & JANNIE VISAGIE GESAMENTLIKE VEILING 24.03.2022

GEMIDDELDE DORPER - RAMME R12 131
GEMIDDELDE DORPER - OOIE R9 270
GEMIDDELDE WIT DORPER - RAMME R11 285
GEMIDDELDE WIT DORPER - OOIE R5 674
HOOGSTE PRYS DORPER RAM R31 000 - AAN H SNIJMAN
HOOGSTE PRYS DORPER OOI R20 000 - AAN G. VIVIER
HOOGSTE PRYS WIT DORPER RAM R 22 000 - AAN JD KRIEL
HOOGSTE PRYS WIT DORPER OOI R12 000 AAN - A BADENHORST

VERKOOPSPERSENTASIE 93%





BLAAI OM

# 7.2 LUCASDAM DORPERSTOET ~ 22STE (JOHN DANIEL) & CJ COETZEE DORPERSTOET ~14DE (JACO COETZEE)

**Lucasdam Dorper stoet keuringsuitslae vir veiling 24.02.2022 te Lucasdam Postmasburg**

| Dorper Ramme | Dorper Ooie |
|---|---|
| T5 x 6 | T5 x 12 |
| T4 x 27 | T4 x 10 |
| T3 x 20 | T3 x 5 |

**CJ Coetzee Wit Dorpers**

| Ramme | Ooie |
|---|---|
| 3 x T5 | 14 x T5 |
| 16 x stoet | 4 x stoet |
| 3 x kudde | 5 x kudde |



Lucasdam Dorperstoet se 22ste veiling het plaasgevind op 24 Februarie 2022 op die plaas Lucasdam te Postmasburg.

Hier op Lucasdam was Februarie 'n besige, ook uitputtende maand. NoordKaap Dorper kursus sowel as 'n beoordelaarseksamen en veiling het hier plaasgevind.

Die veiling het mondig geword in 2021. Klompie jare gelede, net na die draai van die eeu, het ek oom Ron van der Merwe (West Front) se produksie veiling bygewoon. Die aand voor die veiling het 'n paar manne gesellig verkeer. Op daardie tydstip het ek al twee veilings agter die rug gehad, Oom Ron al meer as twintig. Ek maak die stelling aan oom Ron en sê: "Na soveel veilings is dit later seker net 'n formaliteit en geen senuwees." Hy het geantwoord dat elke jaar nuwe uitdagings bring.... droogte, vleispryse, siektes, politiek, nuwe flinders in die maag. Oom Ron het die waarheid gepraat. Elke jaar het sy nuwe uitdagings en toe is daar COVID en brandsiek om mee rekening te hou, tesame met toenemende ongedierte probleme.

Na 'n stresvolle en uitputtende Februarie kon ons weer terugkyk en vir die Here dankie sê vir 'n hoogs suksesvolle maand. Ons kan immers niks doen sonder Hom nie. - John Daniel




NoordKaap Lewende Hawe het weereens die veiling aangebied met Theuns Visser as afslaer. Ons wil graag die borge bedank - NKLH, Lubern, KLK, JEM, Kaap Agri Klipbank

# 7.3 GRIEKWALAND-WES STOETVEE VEILING








"***Griekwaland-Wes Stoetvee*** veiling het baie goed verloop. Die Dorper pryse was regtig goed van begin tot einde. Darryn van Zyl het die duurste ram verkoop vir R17 000. Hy het ook die 2de duurste ram vir R16 000 verkoop. Oor die algemeen was die hele veiling 'n groot sukses. Telers was baie gelukkig en ek glo die kopers het goeie kwaliteit ramme gekry."







Gemiddelde Dorper Ramme R12 256
Gemiddelde Wit Dorper Ramme R 11 923
Gemiddelde Wit Dorper Ooie R3 580
Hoogste prys Dorper Ram R17 000
Hoogste prys Wit Dorper Ram R15 000
Hoogste prys Wit Dorper Ooi R4 000
Verkoopspersentasie 100 %



BLAAI OM

# 8.1 WÊRELDSKOU TE BLOEMFONTEIN

Dit is vir ons as NoordKaap Klub 'n riem onder die hart om te sien hoe goed ons Witdorper- en Dorper telers gevaar het by die afgelope wêreldskou. Larry Snyders het as teler van kampioene weggestap by die Witdorpers en is ook die eerste bruinman wat so 'n toekening behaal in die geskiedenis van die Dorper Genootskap.

***Uit Larry se pen:*** Daar sal altyd moeilike tye op jou pad kom en baie mense het woorde, maar hoe JY dit hanteer is die belangrikste. As mens het jy die keuse om te gaan lê of om te wys dat jy beter is. Niks is onmoontlik nie.

Sy leuse: **'As iemand anders dit kan doen, kan ek beter doen.'**

Hardus Korb het ook baie goed gevaar by die skou en het die Reserwe senior Kampioen en Reserwe Groot Kampioen (Step-Up) toekenning ontvang. Daar is ook heelwat ander lede van die klub wat plekke behaal het op die skou.







# 8.2 GRIEKWASTAD SKOU

Griekwastad se jaarlikse skou het weer hierdie jaar plaasgevind na 2 jaar se uitstel agv. Covid. Heelwat van die klublede het deelgeneem aan die skou.

Leon Cloete van ARA Dorperstoet het die Reserwe Seniorkampioen Ooi en Junior Kampioen Ram by die Dorpers en Witdorpers, asook Grootkampioen Ram by die Witdorpers gewen. Daarmee saam palm hy ook die titel van teler van kampioene van Witdorpers in. Verskeie ander lede het ook goeie plekke behaal. Dit was baie gesellig. Tony Cahi en Japie Oberholster was die beoordelaars. Marina Kotzé en Jaco Coetzee het hulle meelope gedoen.















## *Uitslae*

**Wit dorpers**
Jnr Kamp ooi: Cloete bdy
Reserve: L Duraan
**Dorpers**
Jnr Kamp ooi: LL Dorpers
Reserve: Manfred Lambrecht
**Wit Dorpers**
Senior Kamp: Deon Maree
Reserve: Cloete Bdy
**Dorpers**
Senior Kamp: Lukas Burger
Reserve: LL Dorpers
**Wit dorpers**
Jnr Kamp Ram: Cloete Bdy
Reserve: M De Witt
**Dorper**
Jnr Kamp ram: Cloete Bdy
Reserve: Darryn

**WitDorpers Ramme**
Senior Kamp: M de Witt
Reserve: Darryn v Zyl
**Witdorpers:**
Groot Kampioenooi: Deon Maree
Reserve groot kamp: Cloete
**Dorpers:**
Groot Kampioenooi, LL Dorpers
Reserve groot kamp: Lukas Burger
**Witdorpers:**
Groot Kampioenram: Cloete
Reserve groot kamp: M de Witt
**Dorpers:**
Groot Kampioenram: Cloete bdy
Reserve groot kamp:
Darryn v Zyl

BLAAI OM

# 8.1 WÊRELDSKOU TE BLOEMFONTEIN

Dit is vir ons as NoordKaap Klub 'n riem onder die hart om te sien hoe goed ons Witdorper- en Dorper telers gevaar het by die afgelope wêreldskou. Larry Snyders het as teler van kampioene weggestap by die Witdorpers en is ook die eerste bruinman wat so 'n toekening behaal in die geskiedenis van die Dorper Genootskap.

***Uit Larry se pen:*** Daar sal altyd moeilike tye op jou pad kom en baie mense het woorde, maar hoe JY dit hanteer is die belangrikste. As mens het jy die keuse om te gaan lê of om te wys dat jy beter is. Niks is onmoontlik nie.

Sy leuse: **'As iemand anders dit kan doen, kan ek beter doen.'**

Hardus Korb het ook baie goed gevaar by die skou en het die Reserwe senior Kampioen en Reserwe Groot Kampioen (Step-Up) toekenning ontvang. Daar is ook heelwat ander lede van die klub wat plekke behaal het op die skou.






# 8.2 GRIEKWASTAD SKOU

Griekwastad se jaarlikse skou het weer hierdie jaar plaasgevind na 2 jaar se uitstel agv. Covid. Heelwat van die klublede het deelgeneem aan die skou.

Leon Cloete van ARA Dorperstoet het die Reserwe Seniorkampioen Ooi en Junior Kampioen Ram by die Dorpers en Witdorpers, asook Grootkampioen Ram by die Witdorpers gewen. Daarmee saam palm hy ook die titel van teler van kampioene van Witdorpers in. Verskeie ander lede het ook goeie plekke behaal. Dit was baie gesellig. Tony Cahi en Japie Oberholster was die beoordelaars. Marina Kotzé en Jaco Coetzee het hulle meelope gedoen.







## *Uitslae*

**Wit dorpers**
Jnr Kamp ooi: Cloete bdy
Reserve: L Duraan
**Dorpers**
Jnr Kamp ooi: LL Dorpers
Reserve: Manfred Lambrecht
**Wit Dorpers**
Senior Kamp: Deon Maree
Reserve: Cloete Bdy
**Dorpers:**
Senior Kamp: Lukas Burger
Reserve: LL Dorpers
**Wit dorpers**
Jnr Kamp Ram: Cloete Bdy
Reserve: M De Witt
**Dorper**
Jnr Kamp ram: Cloete Bdy
Reserve: Darryn

**WitDorpers Ramme**
Senior Kamp: M de Witt
Reserve: Darryn v Zyl
**Witdorpers:**
Groot Kampioenooi: Deon Maree
Reserve groot kamp: Cloete
**Dorpers:**
Groot Kampioenooi: LL Dorpers
Reserve groot kamp: Lukas Burger
**Witdorpers:**
Groot Kampioenram: Cloete
Reserve groot kamp: M de Witt
**Dorpers:**
Groot Kampioenram: Cloete bdy
Reserve groot kamp:
Darryn v Zyl









BLAAI OM

# 9. ALGEMEEN



Daar is deur die jaar gereeld met die kantoor geskakel om seker te maak alle inligting en inspeksies van lede is op datum. Nuwe lidmaatskap registrasies is ook bevestig.

## 9.1 KOMMUNIKASIE

Kommunikasie met die Genootskap
Daar is deurlopende kommunikasie tussen die kantoor en die klub. Lidmaatskap registrasies is bevestig, sowel alle inligting ivm plaas inspeksies en ledegelde tydens veiling voorbereiding.

## 9.2 NAKOMING VAN REËLS

Aanhaling van 'n e-pos ontvang vanaf die Genootskap kantoor op 19 Julie 2022:
"Jul klub is omtrent die enigste klub wie se lede alles op datum is.(Wel amper almal)."
Slegs een lid het 'n uitstaande rekening, wat reeds opgevolg is. Dank aan al ons lede vir die goeie samewerking. Die Voorsitter, Mnr. John Daniel maak seker dat ons opvolg met die lede voor veilings sodat alle reëls nagekom word. E-posse en WhatsApp boodskappe word aan lede gestuur om seker te maak almal ontvang die inligting."

## 9.3 BYDRAE VIR DORPERNUUS

Die klublede het seker gemaak daar is genoeg nuus om oor te dra vir die Dorpernuus.
Van die Wêreldskou, Griekwastadskou en kudde kompetisies. Ons lede het voorwaar kwaliteit diere waarmee gespog is hierdie jaar.

## 9.4 DEELNAME

Noordkaap Klub het 'n R5 000 borgskap gemaak vir die Wêreldskou wat in Bloemfontein plaasgevind het. Dit was vir die Ooilam klas 50 - 60kg.



## 9.5 ALGEMEEN

Drie van ons klublede het in die afgelope jaar die beoordelaarseksamen gedoen en ook geslaag. Hardus Korb, Jaco Coetzee en Marina Kotzè. Hardus het reeds sy meelope voltooi. Jaco en Marina het albei op Griekwastadskou meeloop gedoen.

BLAAI OM

# 9.6 SPESIALE TOEKENNING

Die klub het op die jaarvergadering besluit om 'n eretoekenning aan Oom Robbie Meintjes toe te ken. Oom Robbie is 'n lid van die NoordKaap Klub sedert die stigting op
17 Julie 1959. Die trofee is tydens die jaarlikse Veldramveiling op Griekwastad aan hom oorhandig op 14 September 2022. Hy is ook sedert die ontstaan van die Veldram Projek daarby betrokke. Dus was dit die perfekte geleentheid om hom te vereer vir sy onmeetbare bydrae tot die Dorper ras die afgelope 63 jaar. Vanjaar by die Wêreldskou het hy weer 'n Elite toekenning van Stamboek ontvang op die ouderdom van 83 jaar.









Hierdie skrywe is reeds verlede jaar gedeel, maar ons deel dit graag weer. Uit sy eie pen.

Toe Anja vir my vra om my jarelange ondervindinge met my Dorper boerdery te deel met medeboere het ek eers gewyfel. Hier is egter so 'n paar ondervindinge en gedagtes.

My boerdery het sy oorsprong in ongeveer 1944 gehad deur ramme wat my pa van Mnr. Edmeads van Norvalspont bestel het en per spoor en spoorwegbus hier op die plaas afgelewer is. Die ooie waarmee hy geboer het was Swartkop Persies. Daarna het hy ook ramme van ander baanbrekers in die Dorper bedryf gekoop. Ek het saam met my pa vanaf 1959 geboer tot 1974 toe hy oorlede is en ons het gereeld ramme aangekoop, hoofsaaklik om inteling teen te werk.

In 1959 het die Dorperboere in die Hay en Herbert distrikte die VeldDorper Klub gestig (die Huidige Noordkaap Dorperklub) om die kritiek wat die Dorpers gekry het, reg te steldmv 'n wetenskaplike benadering. Hulle het gelukkig nie van die ras weggehardloop nie, maar het iets daadwerklik gedoen om die probleme op te los. Ek was pas terug van Grootfontein Landbou Kollege en ons het die benadering ook in ons eie boerdery gevolg. Aangesien ek dus al vanaf 1959 prestasiemeting toepas in my boerdery kan ek met sekerheid noem dat jy gedurig iets nuuts leer en nooit moet reken dat jy alles weet nie.

Vermy inteling, want glo my dit sal jou duur te staan kom, veral wat reproduksie en groei betref .

Baie telers reken dat prestasiemeting baie werk meebring, maar ek kan net noem dat indien dit nou nog vir my moontlik is om dit te doen, enige ander teler dit ook kan doen.
Die meeste telers doen alreeds al die werk, maar dalk net nie op geordende wyse nie.
Dit is baie belangrik dat alle data korrek aangeteken word, aangesien dit die betroubaarheid van die syfers wat Stamboek (Logix) bereken, bepaal. Onthou veral om diere wat verskillend behandel is op een of ander stadium, apart aan te teken, anders mislei jy jouself en jou kliente.

Ek wil net 'n beroep op telers doen om die prestasie en Blup syfers self te gebruik in hulle seleksie en dit nie net as 'n advertensie te gebruik nie. Ek het gesien dat telers daarmee begin en dan nie tevrede is met die voorkoms van die presteerders nie. (Wat doen hulle dan, gooi alles oorboord of gebruik dit net waar dit hulle pas.)

Met doelgerigte seleksie en die hulp wat met beraamde teelwaardes verkry word, kan baie vordering gemaak word in enige boer se doelwit om goeie diere vir sy kopers en uiteindelik lammers vir die mark te lewer.


Moet nooit net een eienskap alleen nastreef nie aangesien 'n balans gehandhaaf moet word. 'n Mooi skoudier is vir alle boere pragtig en self 'n leek sien dit raak. Ek wil van my eie ervaring vertel. Ek het 'n stoetram met bo gemiddelde seleksie indeks op die velramveiling gekoop, want dit was al wat op daardie stadium bepaal kon word. Toe die Blup waardes later bereken kon word, moes ek uitvind hy het 'n negatiewe invloed op my kudde gehad.

Die wetenskap gaan met rasse skrede vooruit en indien jy dit nie gebruik nie sal jy nie na wense vorder nie. Daar sal nog altyd nuwe wetenskaplike tegnieke na vore kom en gebruik dit waar moontlik en toepaslik. Ek dink hier bv aan Genomika
Daar is egter een baie belangrike ding wat almal moet onthou nl. Selekteer jou diere onder dieselfde toestand waaronder hulle op jou plaas moet produseer en reproduseer.
Dit help nie dat jy diere gebruik wat grootgeword en getoets is onder intensiewe toestande en dan verwag dat hulle op swakker veldweiding moet floreer nie. Dit bring mee dat indien jy diere aankoop, jy noukeurig moet nagaan onder watter toestand hulle grootgeword en getoets is.
Hoe meer inligting daar oor 'n dier of 'n groep diere beskikbaar is, hoe 'n beter keuse kan jy maak.

Dit is die volgehoue nastreef van jou ideale wat uiteindelik resultate oplewer. – Robbie Meintjes

BLAAI OM

# DAGBESTUUR - NOORDKAAP DORPERKLUB



JOHN DANIEL
VOORSITTER




JAPIE OBERHOLSTER
VISE VOORSITTER



ANJA MEINTJES
SEKRETARESSE



HARDUS KORB



LARRY SNYDERS



JACO COETZEE




"Ons is NIE geroep om te doen wat ons gelukkig maak nie. Ons is geroep om te doen wat God verheerlik. Christenskap is nie altyd maanskyn en rose nie. Dit is harde werk en toewyding aan hom, nie ons nie.
Doen. Wat. God. Verheerlik."

**'n Woord van dank aan die Genootskap vir deurlopende ondersteuning aan die klub. Dankie aan Attie en Rochelle wat altyd reg is om te help met die antwoord op 'n vraag of 'n reël. Spesiale dank vir die organisering van 'n wêreldklas skou aangebied in Bloemfontein.**

BLAAI OM




# Oos Kaap DORPERKLUB


*Ben van der Westhuyzen*


*Rodney Rayner*


*Ray van den Berg*


*Stephanus Malan*


*Ashley Phillips*

**BYWONING VAN ALGEMENE JAARVERGADERING:** 12 Lede, 3 besoekers.

**KURSUSSE:**

Tarkastad 30 Mei – 3 Junie 2022: 2 Seniors (Albei geslaag), 10 Juniors, waarvan 8 geslaag het.

**KARKASKOMPETIESIES:**

Die OP Dorperklub het jare gelede onderneem om verskeie Karkaskompetiesies in die Ooskaap te borg, maar is afhanklik van plaaslike/deelnemende lede vir inligting ten opsigte daarvan.

**GROEI IN VEILINGS:**

| | % CHANGE | | % CHANGE | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **2020** | | **2021** | | **2022** | |
| R350 500,00 | -33,99% | R518 000,00 | 47,79% | R619 500,00 | 19,59% |
| 51 | -27,14% | 49 | -3,92% | 65 | 32,65% |
| R6 872,55 | -9,40% | R10 571,43 | 53,82% | R9 530,77 | -9,84% |
| **2020** | | **2021** | | **2022** | |
| 0 | 0,00% | R25 000,00 | 0,00% | R170 750,00 | 583,00% |
| 0 | 0,00% | 6 | 0,00% | 40 | 566,67% |
| 0 | 0,00% | R4 166,67 | 0,00% | R4 268,75 | 2,45% |
| **2020** | | **2021** | | **2022** | |
| R389 500,00 | -11,68% | R661 000,00 | 69,70% | | |
| 32 | -49,21% | 68 | 112,50% | | |
| R12 171,88 | 73,88% | R8 900,74 | -26,87% | | |
| R0,00 | | 15 | n/a | | |
| R0,00 | | R3 716,67 | n/a | | |

**Graaff-Reint 2022:** Omset het met 19.6% gestyg. 65 Ramme is verkoop teenoor 49 die vorige jaar, en 40 ooie teenoor 6 die vorige jaar. Rampryse het met 9.8% afgeneem, en ooipryse met 2.5% toegeneem.

**Willowmore:** Omset het met 69.7% gestyg. 68 Ramme is verkoop teenoor 32 die vorige jaar, geen ooie is in 2020 verkoop nie, 15 in 2021. Rampryse was ook met 26.9% laer.

**DEELNAME IN STREEKSKOUE:**

Weens Covid-19 is geen Kampioenskapskou in 2021 gehou nie.

**UITVOERING VAN PROJEK:** Geen.

Margaret Jordaan
*nmns Ben van der Westhuyzen, Voorsitter*

**VOORSITTER/ CHAIRMAN:**
Ben van der Westhuyzen
046 684 0844 | 083 413 0221

**SEKRETARESSE/ SECRETARY:**
Margaret Jordaan 072 724 3653



# Weskaaplandse DORPERKLUB

**Ledetal & groei in lidmaatskap**

Ons ledetal het met twee vermeerder. Ons staan tans op 40 lede.

**Bywoning van die Klub se AJV**

Ons AJV van die Klub is goed bygewoon deur 11 lede te Vredendal Sportklub op 1 April 2022. Die feit dat die AJV altyd goed bygewoon word deur die lede wat nou betrokke is by die Klub se werksaamhede vergemaklik altyd besluitnemings rakend skoue, veilings, ens.

**Bywoning van die DTG se AJV**

Die AJV van die DTG word altyd goed bygewoon deur lede van ons Klub. Die Dagbestuur en nog 2 lede ry gewoonlik saam met een voertuig vanaf Williston. Dan word sake deeglik bespreek in die 3 ure tot ons beskikking. Die selfde gebeur weer op ons terugreis. Die jaar wat verby was, was ons 7 lede in totaal, wat die AJV van die Genootskap bygewoon het.

**Kursusse**

Kursusse kry swaar in die tradisionele Dorper gebiede in ons Klub gebied. Ek glo dit is dieselfde in ander Klub gebiede. Ons Klub gaan ook uit ons pad om fondse beskikbaar te stel om studiemateriaal (Dorpers in die nuwe eeu) te subsidieer vir die student van Augsburg Landbou Gimnasium. Die rede hiervoor is dat ons soveel blootstelling kry, asook navrae uit die betrokke area na so 'n kursus dat dit altyd 'n wen-wen situasie is. Ek glo ook dat dit bydra tot die feit dat Vredendal en die betrokke areas daar rondom ons Klub se sentrale punt is waar meeste van ons aksies plaasvind. Die mense daar is waarlik begeesterd rondom ons ras.



*Die jaar wat verby is het Augsburg kursus weer goed afgeloop met Mnr. Pikkie Rossouw as kursus leier.*



*Die opgewondenheid van die kinders is aansteeklik rakende ons ras wat my baie positief maak.*

**Karkas kompetisies**

Karkas kompetisies vind baie plaas in ons Klub gebied. Wat baie interessant is, is die feit dat boere van Williston ten spyte van 'n knellende droogte

fluks deel geneem het en baie goed vaar in die karkas kompetisies. Dit sal interessant wees om te sien wat gebeur nou dat die natuur toestande meer gunstig is. Hulle is ook almal natuurlik die trotse eienaars van dorper kuddes. Met geleenthede soos die Vleis Fees op Calvinia en ander landbouskoue in die Weskaap vind ook karkas kompetisies plaas.

| | 2021 | 2020 | VERSKIL |
|---|---|---|---|
| Vredendal | R 1 341 200.00 | R 1 322 000.00 | R 19 200.00 |
| | 123 ramme aangebied | 130 ramme aangebied | |
| | 119 ramme verkoop | 119 ramme verkoop | Verbetering |
| | 96.75% verkoop | 91.54% verkoop | 5.2% |

**Groei in Veilings Omset**

**Vredendal (veld ram)** Nie plaasgevind

**Deelname aan skoue**

Ons lede neem altyd fluks deel aan ons Streeks Klub Kampioenskap Skou wat elke twee jaar plaasvind.

Die Weskaap Klub was ook goed verteenwoordig tydens die Nasionale Dorper en Wit-Dorper kampioenskappe te Bloemfontein. Baie geluk aan ons lede wat pryse gewen het.

**Algemeen**

Ek glo ons Klub se kommunikasie is goed met die DTG kantoor. Rochelle en Maggie is altyd gewillig om te help asook om te luister en 'n gesprek met Attie loop altyd uit tot positiewe denke en dade. Dit is werklik ̓n plesier om met hul saam te werk.

Ek glo verder dat ons klublede binne die reëls van die Genootskap beweeg en opereer en dat dit vir hul nie 'n las is om binne die reëls te bly nie.

Verder doen ons nog elke jaar ons deel as dit kom by 'n bydrae vir die Dorper Nuus, hetsy 'n artikel, skou nuus of net 'n lekker storie.

**Uitvoering van projek van die jaar**

Ons klub se projek van die jaar is om Betrokkenheid by die Dorper bedryf te bevorder. Dit behels die bywoning van vergaderings van die Klub, skoue, asook alle ander aktiwiteite buite die Klub soos die bywoon van inspekteurs dae, die AJV van die Genootskap ens.

Dit behels ook die ondersteuning van die Klub se veilings sodat die Klub finansieel staande kan bly. Die bestuur van die Wes Kaaplandse Dorper Klub sien die Klub as die bene waarop die Dorperskaaptelersgenootskap van Suid Afrika staan, op daardie bene moet ons voortbou om die Genootskap sterk te hou.

Die feit dat die Klub op alle kleinere skoue, kudde kompetisies, slag lam kompetisies en Dorper dae wat gehou word vir Opkomende boere, altyd baie goed verteenwoordig is deur ons lede spreek baie tot die Sigbaarheid van die Dorper, wat die projek van die jaar was vir die DTG.

Ek dink die Dorper ras word in die Weskaap positief bevorder met die bogenoemde aksies wat plaasvind. Ek hoop egter ons kan dit volhou, daar moet net meer jongmense na vore kom om ons te help om ons ras uit te bou.

# Weskaaplandse

## DORPERVEILING 06.10.2022

***WIT DORPER RAMME**

| | TIPE 5 | STOET | KUDDE | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|
| OMSET | R 182,000.00 | R 208,000.00 | R 201,000.00 | R 591,000.00 |
| AANGEBIED | 8 | 15 | 14 | 37 |
| VERKOOP | 8 | 15 | 14 | 37 |
| GEMID | R 22,750.00 | R 13,866.67 | R 14,357.14 | R 15,972.97 |
| HOOGSTE | R 40,000.00 | R 20,000.00 | R 22,000.00 | |

**Hoogste Wit Dorper ram verkoper:** Cilliers NCT, Posbus 47 Laingsburg 6900
**Hoogste Wit Dorper ram koper:** Wolwerivier Boerdery, Posbus 705 Ceres 6835



*Lnr.: Appie Martiz (Afslaer), Vlok Bauermeister (Koper van naasduurste ram), Tod Herdien (Hanteerder), Sakkie van der Merwe (Koper van duurste ram), Tromp Cilliers (Verkoper van duurste ram)*

***DORPER RAMME**

| | TIPE 5 | STOET | KUDDE | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|
| OMSET | R 231,000.00 | R 210,000.00 | R 131,000.00 | R 572,000.00 |
| AANGEBIED | 12 | 22 | 17 | 51 |
| VERKOOP | 12 | 18 | 15 | 45 |
| GEMID | R 19,250.00 | R 11,666.67 | R 8,733.33 | R 12,711.11 |
| HOOGSTE | R 36,000.00 | R 18,000.00 | R 10,000.00 | |

**Hoogste Dorper ram verkoper:** Katdoringvlei Beleggings (Pty) Ltd, Posbus 606 Lutzville 8165
**Hoogste Dorper ram koper:** PD Carstens en Seun, Posbus 825 Vredendal 8160



*Lnr.: Daniel Carstens (Koper), Appie Maritz (Afslaer), Mervin Cloete (Hanteerder), Koos Rossouw (Verkoper)*

| TOTALE VEILING | |
|---|---|
| OMSET | R 1,163,000.00 |
| AANGEBIED | 88 |
| VERKOOP | 82 |
| GEMID | R 14,182.93 |
| % VERKOOP | 93.18 |



# Botswana

## JUNIOR DORPER KURSUS



Ons was baie bevooreg om na Covid weer die jaar 'n Dorper kursus te kon aanbied!

Ons kursus was gewees 7 – 11 Maart 2022, wat deur kursus leier Phil Rawlins aangebied is!

Daar was 21 kursus gangers van reg oor Botswana, selfs so ver as Kasane, waarvan almal die Junior kursus gedoen het, ons beoog wel om volgende jaar ook 'n Senior kursus aante bied!

Die week het baie goed verloop en teen Woensdag het ons 'n groot bui reen gekry, en alles was lekker nat!

Hennie Schutte het ook vir ons 'n skeer en hoewe knip demonstrasie gegee en die mense het dit baie geniet!

Selfs ons kleinste "kursus ganger" het uit die skool gebly daai week om niks te kon mis nie!!

As dit die Here se wil is dan beplan ons om volgende jaar die eerste week in Maart (6-10) 2023 weer 'n kursus aan te bied!


Tot volgende keer


Letitia Schutte








TONY CAHI
Dorpers
TONY CAHI
ERFDEEL
Veld reared white Dorper rams bred for
hardiness, adaptability and fertility, since 1964
082 788 6180 | PRIESKA NC | tony.erfdeel@gmail.com


FUNKSIE · VORM · VLEIS · VRUGBAARHEID
Nooitgedacht
DORPERSTOET
CHARL SAUNDERSON
[s]: 082 4 14 6 146
[e]: charl@dorpers.co.za
www.dorpers.co.za
BAIE DANKIE aan al ons produkverskaffers,
vriende en kliënte, julle en jul ondersteuning
word opreg waardeer